# HOOFSTUK 3

## DIE SORGBEHOEWENDE KIND

### 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die leser bekend te stel aan die sorgbehoewende kind, met spesifieke verwysing na die geskiedkundige oorsig van kindermishandeling, kinders se basiese behoeftes en regte, soorte mishandeling, oorsake van sorgbehoewendheid, asook probleme wat by hierdie kinders kan voorkom.

In hierdie hoofstuk word die begrip "sorgbehoewendheid", gronde vir sorgbehoewendheid, asook die regte en behoeftes van alle kinders eerstens bespreek. Daarna sal diepte-aandag gegee word aan oorsake van sorgbehoewendheid, asook die spesifieke probleme wat by hierdie kinders kan voorkom.

Maatskaplikewerk-intervensie se hoofdoel behels dat hoofsaaklik daarop gefokus word om die gesinslewe van individue in stand te hou. Die gevolg is dat die gesinseenheid (sisteem) as geheel tydens dienslewering onder die loep geneem word, eerder as die individue in die gesin (Gibelman, 1995:82). Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:20), is die gesin die: "kleinste maatskaplike eenheid in die samelewing bestaande uit 'n man en sy vrou en kind, 'n vrou en kind of 'n man en kind, gewoonlik onder een dak." Human (1994:57) meen: "Die gesin is en was nog altyd die basiselement in enige maatskaplike bestel. Dit vorm die sentrale en grondliggende opvoedingsmilieu van enige kind en die ouers dra die eerste verantwoordelikheid vir die fisieke, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind."

### 3.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP SORGBEHOEWENDE KIND

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:60) definieer sorgbehoewende kind soos volg: "Kind wie se maatskaplike funksionering asook fisiese, psigiese en emosionele ontwikkeling belemmer is deur verwaarlosing of mishandeling, of gebrek aan uitoefening van beheer deur die ouer of voog." Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:62)

meld ook dat substituutsorg dui op die versorging van kinders weg van hul ouers. Substituutsorg behels dus, volgens die navorser, dat kinders deur middel van 'n hofbevel in alternatiewe sorg, wat nie hul biologiese ouers is nie, versorg word.

Volgens Fourie (1999:16), is 'n kind sorgbehoewend indien daar deur 'n Kommissaris van Kindersorg bevind word dat hy fisies, seksueel en/of emosioneel deur sy ouers of voogde verwaarloos en/of mishandel word. Die kind se veiligheid word dus bedreig indien so 'n kind in sy ouers of voogde se sorg sou aanbly.

## 3.3 HUIDIGE WETGEWING TEN OPSIGTE VAN SORGBEHOEWENDHEID VAN 'N KIND

Alhoewel die stigting van welsynsorganisasies en die aanstelling en opleiding van maatskaplike werkers onderskeidelik eers sedert 1904 en 1939 in Suid-Afrika gerealiseer het, is die eerste wetgewing ter beskerming van kinders (soos reeds gemeld in hoofstuk een) reeds in 1856 deur die Kaapse Parlement aanvaar (Swanepoel & Wessels, 1992:1).

Die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960) word beskou as die belangrikste maatreël met betrekking tot kinders en het daaroor gegaan om kinders sorgbehoewend te bevind. Hierdie Wet het voorsiening gemaak vir die aanstelling van Kommissarisse van Kindersorg en die oprigting van kinderhowe vir die beskerming van kinders. Voorsiening is ook gemaak vir die oprigting of die erkenning van sekere inrigtings vir die ontvangs van kinders of jeugdiges. Volgens hierdie Wet, kon ouerlike magte ook onder sekere voorgeskrewe omstandighede van ouers weggeneem word, alhoewel die gees van die Wet oor die algemeen nie gespreek het van outokratiese optrede teen ouers nie. Uit hierdie Wet het die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) voortgevloei, met 'n baie meer vaartbelynde wetsbepaling as in die verlede, deurdat dit meer daaroor gegaan het om ouers se onbevoegdheid te bewys (Swanepoel & Wessels, 1992:1).

Die gronde waarop 'n kind sorgbehoewend bevind word, asook verdere bepalings van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) word vervolgens onder punt 3.3.1 bespreek.

### 3.3.1 Bepalings van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983)

Die doel van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) is om kinders volgens 'n hofbevel, deur 'n Kommissaris van Kindersorg, sorgbehoewend te bevind en in alternatiewe sorg te plaas. Kinders word weens verskeie redes sorgbehoewend bevind en in pleegsorg geplaas. Die gronde waarop 'n kind sorgbehoewend bevind word ingevolge Artikel 14(4) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) behels dat:

(a) die kind geen ouer of voog het nie;
(aA) die kind 'n ouer of voog het wat nie opgespoor kan word nie; of
(aB) die kind-
- (i) verlaat is of geen bestaansmiddele het nie;
- (ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;
- (iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
- (iv) woon in of word blootgestel aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad;
- (v) in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is; of
- (vi) fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel word.

Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005)[2], maak daarvoor voorsiening dat straatkinders ook sorgbehoewend bevind kan word. Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) definieer 'n straatkind soos volg: "…a child who, because of abuse, neglect, poverty, community upheaval or any other reason, has left his or her home, family or community, and lives, begs or works on the streets; or because of inadequate care, begs or works on the streets but returns home at night" (Government Gazette, 2006:26).

Indien 'n kind weens een of meer van bogenoemde redes deur 'n Kommissaris van Kindersorg sorgbehoewend bevind word, word die betrokke kind in alternatiewe sorg geplaas (Solnit, Nordhaus & Lord, 1992:16). Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74

[2] Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), is reeds vanaf 1 Julie 2007 in werking, maar slegs daardie Artikels wat nie Regulasies het nie. Die verwysing na die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) in hierdie studie, is dus slegs met betrekking tot daardie Artikels wat reeds geïmplementeer is.

van 1983), bestaan die volgende vier plasingsopsies vir kinders wat volgens die gronde van genoemde Wet sorgbehoewend bevind word:

- Art 15(1)(a): Die kind word herstel of moet aanbly in die bewaring van sy ouer of voog in wie se bewaring hy was onmiddellik voor die aanvang van die verrigtinge, onder toesig van 'n maatskaplike werker, onder sekere vereistes soos deur die hof bepaal.

- Art 15(1)(b): Plasing van die kind in die bewaring van 'n geskikte pleegouer deur die hof aangewys, onder toesig van 'n maatskaplike werker.

- Art 15(1)(c): Die kind word na 'n kinderhuis verwys wat deur die Direkteur-Generaal aangewys word.

- Art 15(1)(d): Die kind word na 'n nywerheidskool verwys soos deur die Direkteur-Generaal aangewys. Hierdie plasingsopsie geld slegs indien die kind ingevolge Art 14(4)(aB)(ii) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) weens sy onbeheerbare gedrag sorgbehoewend bevind word (Government Gazette, 1983:21; Swanepoel & Wessels, 1992:40).

Volgens Skelton (1998:127), word 'n kind onder die volgende omstandighede as sorgbehoewend verklaar:

- wanneer hy uit sy ouers se sorg verwyder moet word vanweë ernstige mishandeling en/of verwaarlosing;
- in die kinderhof moet verskyn weens verlating deur of die dood van sy ouers en hy oor geen ander persone beskik om sy versorging waar te neem nie; en
- wanneer die kind onbeheerbare gedrag openbaar wat nie deur sy ouers beheer kan word nie.

Cronjé (1996:44) bevestig ook dat kinders nie sorgbehoewend verklaar word vanweë hulle eie handelinge nie. Die navorser is van mening dat, in die geval van sorgbehoewende kinders, dit duidelik is dat die gesin, vanweë bepaalde probleme, die oorsaak is van sy eie disintegrasie. 'n Sorgbehoewende kind is dus 'n kind wat uit sy ouerhuis verwyder word weens die bedreiging van sy veiligheid. Die verwydering van so 'n kind is ook deel van 'n

totale behandelingsplan, wat dit in die vooruitsig stel dat die kind sal groei en ontplooi tot ‘n volwaardige mens.

Die evolusie van die vernaamste statutêre maatreëls wat gelei het tot die huidige kindersorgbeleid en -wetgewing word in hoofstuk vier bespreek.

Indien ouers nie hul verantwoordelikheid ten opsigte van hul kinders nakom nie, kan ‘n kind dus op genoemde gronde sorgbehoewend bevind word. Ouerskap en ouerlike verantwoordelikheid word gevolglik onder punt 3.4 uiteengesit.

## 3.4 OUERSKAP EN OUERLIKE VERANTWOORDELIKHEID TEN OPSIGTE VAN HUL KINDERS

Die gesin as sisteem kan positief aanvaar word as die plek waar suksesvolle ontwikkeling kan plaasvind ten einde gesinslede toe te rus om sinvolle gedrag aan te leer en aan te wend. Dit beteken dus verder dat dit die primêre verantwoordelikheid van die ouers is om hul kinders groot te maak met die nodige liefde, in ‘n sekure en stabiele omgewing. Die ontoereikende gesin kan andersyds die oorsaak wees van probleme wat vir individuele lede sowel as vir die groep in sy geheel ongemak en disfunksionering meebring (Levy & Orlans, 1998:110).

Artikel 18(2)(a-d) van die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), gee ‘n kort verduideliking van ouerlike verpligtinge, naamlik:

- om vir die kind te sorg;
- om kontak met die kind te behou;
- om as ‘n voog vir die kind op te tree; en
- om by te dra tot die onderhoud van die kind (Government Gazette, 2006:38).

Verantwoordelikheid as ouers, gaan hand aan hand met ouerresponsiwiteit (omgeehoudings). Om vir kinders te sorg, kan oorweldigend wees vir sommige ouers (Herbert, 1993:17). Verantwoordelike ouers voorsien ook liefde, sekuriteit, aandag, nuwe ervarings, aanvaarding, opvoeding, prysing en erkenning, om te voldoen aan hul kinders se psigososiale behoeftes (Herbert, 1993:19).

Volgens Herbert (1993:17) en Schultz (2002:14), behels die funksie van voldoende ouerskap die volgende:

- om 'n inkomste te genereer, sodat daar in die materiële en totale fisiese versorgingsbehoeftes van die kind voorsien kan word;
- om stimulering vir die intellektuele, sosiale en morele ontwikkeling van die kind te voorsien;
- sosialisering van die kind deur dissiplinering en om gedrag aan te leer wat aanvaarbaar is vir die gemeenskap waarin hulle leef;
- beskerming van die kind teen fisiese, emosionele en sosiale mishandeling;
- handhawing van stabiele en aanvaarbare gesinsinteraksie om die behoeftes van al die gesinslede te bevredig, om ongemak, konflik en ontevredenheid te hanteer deur middel van aanvaarbare en liefdevolle terugvoer; en
- voorsiening van 'n stabiele huis, sodat die kind aan 'n groter gemeenskap kan behoort en 'n eie identiteit kan ontwikkel.

Die term "beste belang" van kinders was voorheen nêrens duidelik omskryf nie; die interpretasie daarvan was dus oorgelaat aan individue. Volgens Schultz (2000:3), is die kind se beste belang: "…om die geleentheid te hê dat daar konsekwent en gebalanseerd in al sy behoeftes voorsien word en wel op so 'n wyse dat hy/sy die geleentheid het om gesond en normaal fisies sowel as psigies (emosioneel/sosiaal) sy volle potensiaal te kan ontwikkel…" Schultz (2000:3) meen verder dat beste belang van 'n kind verder beteken dat hy nie deur besluite, bevele of die optrede van volwassenes wat meer mag het as die kind, fisiese of emosionele skade berokken word nie (*Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn,* 1990:5). Volgens Schultz (2002:9), is dit in die kind se beste belang: "… to belong to a family where he experiences that he is welcome and wanted and where he will have the chance to receive love on a continuous basis and be able to give love. It stands to reason that the family should be the milieu in which the needs of the child are met."

Die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) verduidelik in Artikel 7 dat die beste belang van 'n kind in ag geneem moet word ten opsigte van die volgende:

- die persoonlike verhouding tussen 'n kind en sy ouers of sy primêre versorger;
- die houding van die ouers of primêre versorgers teenoor die kind;

- die vermoë van die ouers of versorgers om in die kind se fisiese, emosionele en intellektuele behoeftes te voorsien;
- die moontlike effek op die kind wanneer sy omstandighede noodgedwonge moet verander as hy uit sy ouers of versorgers se sorg verwyder word;
- die behoefte van die kind om in sy ouers of familie se sorg aan te bly of om met hulle in kontak te bly;
- die kind se ouderdom, volwassenheid, lewensfase, geslag, agtergrond en enige ander relevante karaktereienskappe;
- die kind se fisiese en emosionele sekuriteit, asook sy intellektuele, emosionele, sosiale en kulturele ontwikkeling;
- enige gestremdheid wat die kind mag hê;
- enige siektetoestande waaraan die kind mag ly;
- die behoefte van 'n kind om op te groei binne 'n stabiele omgewing;
- die behoefte om die kind te beskerm teen enige fisiese of emosionele skade wat mag ontstaan as gevolg van mishandeling, verwaarlosing, uitbuiting of blootstelling aan enige vorm van geweld;
- enige vorm van gesinsgeweld waaraan die kind blootgestel word; en
- watter handelinge en aksies verdere statutêre optrede sal minimaliseer met betrekking tot die kind (Government Gazette, 2006:32).

Volgens die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings, is die lewensomstandighede van ongeveer 60% van die kinders in Suid-Afrika te armoedig om 'n geborge lewe te lei (Forgey, Jeffrey, Sidiropoulus, Smith, Corrigan, Mophuthing, Helman, Redpath & Dimant, 2000:207).

Die navorser maak dus die gevolgtrekking dat indien 'n kind nie 'n veilige milieu in sy ouerhuis het nie, dit moontlik in die kind se beste belang is om nie langer in sy ouers se sorg aan te bly nie. Gesien in die lig daarvan dat kinders weens disfunksionele gesinne, nie optimaal as individue kan ontwikkel nie, is die navorser verder van mening dat spesifiek gekyk moet word na die regte van kinders. 'n Handves vir kinders se regte verteenwoordig die raamwerk waarbinne die funksionering van gesinne, ondersoek word. Die regte van kinders in Suid-Afrika word vervolgens onder punt 3.5 bespreek.

## 3.5 REGTE VAN KINDERS

Die regte van kinders het sedert 1979 'n fokuspunt vir die wêreld geword toe die Verenigde Nasies 'n Internasionale Jaar van die Kind ingestel het en daarmee saam die Konvensie van die Regte van Kinders (1989). Van hierdie regte wat gelys is, behels onder andere die reg op liefde, voldoende voeding en gesondheidsorg, vrye toegang tot opleiding en opvoeding, 'n eie identiteit en spesiale aandag indien die kind gestrem is (Thompson & Rudolph, 1992:5; Human, 2000:393). Volgens die United Nation's Children Fund (UNICEF,1989:2), word die regte van kinders soos volg saamgevat: "According to the convention on the rights of a child, children are born with fundamental freedoms and the inherent rights of all human beings. The healthy development of children is uniquely crucial to any society and enforcing their rights facilitates this process of development".

Volgens Human (2000:398-399), is daar vier artikels in die 1989 Konvensie wat die waardesisteem waarop die konvensie berus verwoord, naamlik:

- Artikel 3 wat vir die beste belang van die kind as primêre oorweging voorsiening maak, geld ook as beginsel van interpretasie. Dit beteken dat die beste belang van die kind die maatstaf moet wees vir die wyse waarop die regte in die 1989 Konvensie gerealiseer word.

- Artikel 2 verteenwoordig die tweede wesenskenmerk van die 1989 Konvensie. Die beste belang van 'n kind vereis dat daar geen onderskeid getref sal word op grond van 'n gegewe lys karaktereienskappe en oorwegings nie. Die oogmerk hiermee is om 'n kind te beskerm teen die gevolge van diskriminasie teen ouers, 'n voog of selfs die gesin.

- Artikel 6 verteenwoordig die derde sleutelbegrip. Hierdie bepaling strek verder as die reg op fisiese bestaan en verbind lidlande daartoe om die oorlewing en ontwikkeling van 'n kind te verseker.

- Artikel 12 is 'n besondere bepaling, wat die vierde sleutelbegrip verteenwoordig: die erkenning van 'n kind se outonomie en ontwikkelende vermoëns. Artikel 12 is wyd geformuleer om ook in die algemeen te geld, en beperk nie 'n kind se deelname net tot daardie aangeleenthede waarin spesifiek regte verleen word nie.

Kay (2001:14) noem dat: "The legitimacy of children's claims to enjoy the possession of rights has been acknowledged, and informs government policy and legislation as well as the practice of welfare professionals." In 'n tydperk waar die gemeenskap obsessief is oor individuele regte, word die regte van kinders egter dikwels oorgesien. Kinders se regte word dus dikwels gedefinieer in die lig van wat hul ouers *vir* hulle of *nie* vir hulle doen nie. Vanaf die geboorte van die kind, het ouers die reg op en word toevertrou met die versorging, beheer en voogdyskap van hul kind. Vir jonger kinders is hul ouers ook hul skakel met die buitewêreld. Hierdie kinders het dus nie die geleentheid om behoeftebevrediging te ondervind nie, behalwe dié wat hul ouers dink vir hulle belangrik is. Weens genoemde persepsie, is dit dus belangrik om die regte van kinders te bepaal (Crosson-Tower, 2002:35-36). Die navorser is van mening dat die maatstaf vir die regte van kinders dus moet fokus op die beste belang vir die kind, en is dit die deurslaggewende oorweging in elke geleentheid wat die kind raak.

Volgens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)(The Constitution of South Africa, 2005), Artikel 28(1) en soos vervat in King en Piper (1995:189), Bosman en van Zyl (1997:52), Skelton (1998:32), Human (2000:393) en Conradie (2004:5), het elke kind die volgende regte:

- tot 'n naam en 'n nasionaliteit vanaf geboorte;
- tot familie of ouerlike sorg, of tot voldoende alternatiewe versorging wanneer verwydering uit familiestruktuur plaasvind;
- tot basiese voeding, skuiling, basiese gesondheidsorg en maatskaplike dienste;
- om beskerm te word teen verwaarlosing, mishandeling of degredasie;
- om beskerm te word teen uitbuitende arbeidspraktyke;
- om nie van verwag te word of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer wat onvanpas vir 'n persoon van daardie ouderdom is of wat nie die kind se funksionering, opvoeding, fisiese, geestelike of psigiese gesondheid, of morele en sosiale ontwikkeling in gevaar stel nie;
- om nie opgesluit te word nie, behalwe as 'n laaste uitweg waar die kind slegs vir die kortste moontlike tyd opgesluit word;
- om 'n regsverteenwoordiger te hê wat deur die staat voorsien word op staatsonkoste, vir siviele sake teen hom; en
- om nie direk in gewapende konflik gebruik te word nie en om beskerm te word in tye van gewapende konflik (Van Niekerk, 1998:8; Desmond, 1999:21).

Die regte van kinders in Suid-Afrika soos vervat in die Grondwet, verskil nie veel van die regte van, byvoorbeeld, dié van kinders in die Verenigde State van Amerika (VSA) nie. Volgens Crosson-Tower (2002:37), word die regte van kinders in die Verenigde State van Amerika (VSA) soos volg uiteengesit en het elke kind die reg tot:

- liefde, begeleiding en toegeneentheid van ouers en onderwysers;
- voldoende voeding en mediese versorging om behulpsaam te wees ten opsigte van die kind se geestelike, fisiese en sosiale groei en ontwikkeling;
- vrye opvoeding vir die ontwikkeling van individuele vaardighede, om sodoende behulpsame lede van die gemeenskap te word;
- spesiale versorging indien die kind gestremd is;
- geleenthede vir ontspanning/vryetydsbesteding in 'n vreedsame omgewing;
- 'n omgewing wat vrede en verdraagsaamheid reflekteer;
- geleentheid vir veilige morele ontwikkeling;
- konstruktiewe ontwikkeling vir die ontwikkeling van verantwoordelikheid en karakter;
- goeie volwasse voorbeelde wat gevolg kan word;
- 'n toekoms vervul met geleenthede en visie; en
- genieting van al die genoemde regte, ongeag die ras, kleur, geslag, geloof of sosiale oorsprong.

Dit is duidelik volgens Ryan (1994:3), dat Engeland se Kinderwet (Wet 1989) die regte van kinders beskerm en dit stem baie ooreen met die regte van kinders soos deur die Republiek van Suid-Afrika (RSA) en die Verenigde State van Amerika (VSA) saamgestel. Daar word daarop gefokus dat die primêre verantwoordelikheid om kinders groot te maak, by hul ouers lê. Van die regte sluit ook in: om veiligheid, liefde en aanvaarding, voldoende voeding, kleding, behuising, opleiding en gesondheidsorg, asook geleenthede om geestelik en psigies te kan ontwikkel, ongeag hul ras, kultuur of geslag. Volgens Kay (2001:17), is die regte van die kinders in Engeland geskoei op vyf beginsels, naamlik:

- kinders kom eerste;
- kinders het die reg om as persone met sienings en opinies geëien te word;
- kinders moet die geleentheid gegun word om deel te wees van 'n gesin en die gemeenskap;
- ouers, versorgers en gemeenskappe moet ondersteun word om die belange en welsyn van kinders te bevorder; en

- kinders het die reg tot veilige speelplekke.

Gedurende die Internasionale Konferensie van Menseregte by die Verenigde Nasies in 1993, het 185 state, ingesluit Suid-Afrika, die Konferensie vir die Regte van die Kind in werking gestel. Teen middel-2003 was daar slegs twee state in die wêreld wat nie die Konvensie aanvaar het nie (The Rights of the Child, 2005:1). Westman (1994:245) meen dat elke individu die reg tot geleenthede het om sy potensiaal te ontwikkel. Die navorser is van mening dat verwaarlosing en mishandeling, kinders van hierdie regte ontneem. Onvoldoende en onverantwoordelike ouers wat nie met hul kinders emosioneel bind nie en ook nie hul verpligtinge teenoor hul kinders nakom nie, ontneem dus self hul kinders van hul regte.

## 3.6 BEHOEFTES VAN KINDERS

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:6) beskryf behoeftes as: "Fisiese, psigiese, geestelike, materiële en maatskaplike vereistes vir oorlewing, welsyn en selfverwesenliking."

'n Kind het ook basiese ontwikkelingsbehoeftes, wat soos volg deur Steinhauer (1991:76) en Schultz (2000:3) genoem word:

- 'n sekure binding met 'n primêre versorger;
- dat die primêre versorger die kind se behoeftes korrek waarneem en toepaslik daarop reageer;
- dat die primêre versorgers waardes aan die kind oordra en dat hulle fisies en emosioneel beskikbaar is om identifikasiefigure te kan wees;
- om kwaliteitverhoudings te ervaar, om nie verwerp te word of in 'n ambivalente verhouding te staan nie; en
- om kontinuïteit in verhoudings te kan beleef; om te kan behoort en 'n gevoel van permanensie te ervaar.

Volgens Porter (1983:79), Cattanach (1992:10-13), Iwaniec (1995:9) en Schultz (2000:4), word die volgende basiese behoeftes ten opsigte van kinders onderskei, naamlik:

### 3.6.1 Behoefte aan liefde en sekuriteit

‘n Kind het behoefte aan liefde, toegeneentheid, aanmoediging en sekuriteit. Daar word in hierdie behoeftes voorsien wanneer die kind vanaf geboorte ‘n stabiele, betroubare, kontinue en liefdevolle verhouding met sy ouers of primêre versorgers ervaar, wat ook ‘n positiewe verhouding het en met wie hy ‘n emosionele binding kan vorm. Dit laat die kind waardevol voel en dra by tot die vorming van ‘n positiewe selfkonsep. Dit vorm ook die basis vir latere verhoudings. Volgens Thompson en Rudolph (1992:31), het kinders ‘n behoefte daaraan om vertroue in hul omgewing, ouers en versorgers te ontwikkel. Deur middel van hul vertroue, leer kinders dat hul wêreld ‘n veilige, voorspelbare, interessante, konsekwente en vriendelike plek is. Liefde is die kernbasis van die ontwikkeling van sekuriteit en die kind se verhouding met ander (Wissom, 1990:159; Laubscher, 1997:135). Thompson en Rudolph (1992:62) steun op Maslow se teorie, wat fokus op die mens se natuurlike behoefte om liefde te ontvang en te gee. Dit is vir die mens belangrik om homself en ander van waarde te ag. Deur die bevrediging van hierdie behoefte by kinders, word ‘n gesonde identiteit en selfbeeld by hulle gevestig.

### 3.6.2 Behoefte aan nuwe ervarings

Nuwe ervarings is ‘n voorvereiste vir verstandelike ontwikkeling en die bemeestering van take dien as belangrike boustene. Die kind het dus behoefte aan stimulasie en onderrig. Die kind met meer sekuriteit eksploreer meer vryelik. Positiewe terugvoer, verwagtinge en beloning dien as aansporing. Volgens Herbert (1993:21), moet kinders se nuuskierige en ondersoekende gedrag aangemoedig word deur middel van spel en terugvoering op vrae. Thompson en Rudolph (1992:31) noem dat dit nodig is dat kinders ‘n verskeidenheid van vaardighede moet ontwikkel om hulle voor te berei op hul volwasse lewe. Hierdie vaardighede wat aangeleer word, kan wissel tussen akademies, sosiaal, fisies en emosioneel. Kinders het dus ‘n basiese behoefte aan stimulasie, instruksies en nuwe ervarings. Dit laat die kind toenemend meer vaardighede baasraak en laat hom slaag. Gevolglik word die basis gevorm vir emosionele sekuriteit (Laubscher, 1997:136).

### 3.6.3 Behoefte aan goedkeuring en erkenning

Die goedkeuring, aanmoediging en redelike verwagtinge deur die volwassenes wat die kind liefhet, dien as sterk aansporing vir emosionele, sosiale en intellektuele ontwikkeling. Die kind het ook behoefte aan konsekwente dissipline en beheer. Die wyse waarop die ouer

teenoor die kind optree, sal bydra tot die kind se selfbeeld en ingesteldheid teenoor leer. Volgens Thompson en Rudolph (1992:31) benodig kinders gereeld groot dosisse aanmoediging en erkenning sodat hulle hul vermoëns kan ontwikkel wat hul nodig het om as volwassenes te kan funksioneer. Kinders het 'n behoefte aan erkenning. Vir elke stap wat hy gee en slaag, soek hy erkenning voordat hy die volgende stap waag. Taal is die medium waardeur die ouer sy goedkeuring oordra (Landreth, 1991:210; Laubscher, 1997:136).

### 3.6.4 Behoefte aan verantwoordelikheid en onafhanklikheid

'n Kind moet al meer volgens sy vermoë die geleentheid gegun word om keuses uit te oefen, die gevolge daarvan te oorweeg en self die verantwoordelikheid van sy keuses te dra, met die ondersteuning van 'n volwassene. Die ouer moet egter leiding gee, rigting gee, sy mening gee en nie net alles toelaat wat die kind doen nie. Die kind het dus 'n rigtinggewende verwysingsraamwerk nodig (Cattanach, 1992:15). Thompson en Rudolph (1992:31) meen dat kinders hul inisiatief moet ontwikkel sodat hulle vir hulself doelwitte kan stel, leierskap kan neem en take kan deurvoer en voltooi. Dit is belangrik dat kinders bemagtig moet word en moet deelneem aan gesinsprojekte en gesinstake. Die kind moet groei na onafhanklikheid. Hy het ook die reg om sy eie foute te maak en daaruit te leer (Laubscher, 1997:136). Wedersydse respek bestaan dus tussen ouer en kind.

### 3.6.5 Behoefte om iewers te behoort

Elke kind wil graag identifiseer met 'n tuiste, 'n plek waar hy geborge voel en in 'n intimiteitsverhouding tot een of meer identifikasiefigure staan. Hierdie tuiste behoort 'n veilige sosialiseringsinstelling vir die groei en ontwikkeling van die kind te wees. Dit moet ook dien as 'n bron van sekuriteit en 'n sisteem waar sinvolle, bevredigende interaksie tussen gesinslede bestaan. Fahlberg (1994:14) meen die gesin is die fundamentele eenheid, wat daarvoor verantwoordelik is om op 'n kontinue basis die omgewing te voorsien waarbinne in die kind se fisiese en geestelike behoeftes voorsien word. Vir 'n ouer om dus toereikend in kinders se behoeftes te voorsien, impliseer dat kinders goed genoeg ouerskap moet ervaar.

Na die mening van die navorser is dit dus die taak en verantwoordelikheid van ouers om in genoemde behoeftes van kinders te voorsien deur die nodige roluitklaring te doen en deurdat gesinstake aan elke gesinslid toegewys word. Algemene gesinstake sluit in:

skoonmaak van huis en tuin, kosmaak, betaling van rekeninge, versorging van troeteldiere, wasgoed was en stryk, ensovoorts. Dit gee aan elke gesinslid ‘n gevoel van behoort, verantwoordelikheid, sekuriteit en leer ook die kinders hoe om as individue te ontwikkel. Dit is egter juis kinders wat in die ergste armoede bly, wat die minste van hul regte weet. Die kinders wie se basiese behoeftes vervul word, weet die meeste van hul regte.

Die vraag ontstaan of kinders beter af is na 13 jaar van demokrasie in die land, asook die kinderwette wat al byna vyf dekades lank in werking is. Desmond (1999:21) is van mening dat kinders en hul behoeftes nie as prioriteit beskou word nie. Die punt word gestaaf dat 57% van die land se kinders, wat meer as 40% van die land se populasie uitmaak, nog steeds in armoede leef. In sewe van die nege provinsies is die persentasie nog hoër. In die Oos-Kaap is dit ‘n skokkende 77% en in Limpopo het slegs 17% van die huishoudings waarin kinders woon, toegang tot water. In Limpopo leef tot 80% van die kinders in huise waar geen toegang tot sanitasie is nie. In die Wes-Kaap sal 27 kinders uit 1 000 gebore, binne hul eerste lewensjaar sterf. Desmond (1999:22) meen dus dat dit beter is om van kinders se welstand te praat as van hulle regte. Wat beteken dit vir ‘n kind om te sê dat hy die reg het op ouerlike versorging of tot voeding, as hy in ‘n armoedige huis woon waar daar geen geld is nie omdat daar geen ouers is nie?

Dit is verder noodsaaklik dat daar begrip en kennis bestaan rakende die leefwêreld van die kind. Die kind as deel van die kliëntesisteem, word vervolgens onder punt 3.7 bespreek.

### 3.7 DIE KIND AS KLIëNT

Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) definieer ‘n kind as ‘n persoon onder die ouderdom van 18 jaar (Government Gazette, 1983:5; Swanepoel & Wessels, 1992:12; *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk,* 1995:32). Human (1994:165) is van mening dat die kind as mens voortdurend verander, op grond van die feit dat hy fisiek groei, sy affektiewe struktuur nie staties bly nie, sy insigte verbreed en dat daar toenemend sin en betekenis toegeken word aan die waardes en norme wat aan hom voorgehou word.

Volgens Thoburn (1988:31-31), is ‘n kind se welstand nie afhanklik van die bevrediging van sy basiese fisiese of psigiese behoeftes nie, maar van die gevoel van permanensie en ‘n eie identiteit. Sy stel effektiewe dienslewering aan die hand van die onderstaande tabel 3.1 voor:

**TABEL 3.1: EFFEKTIEWE DIENSLEWERING AAN DIE KIND**

| PERMANENSIE | SELFBEELD | IDENTITEIT |
|---|---|---|
| Sekuriteit | Die vermoë om te groei en nuwe bevredigende verhoudings as volwassene aan te knoop | Kennis oor die biologiese gesin |
| Behoort | | Kennis oor verhoudings in die verlede |
| Gesinslewe | | Aanpas van huidige by die verlede |
| Om lief gehê te word | | Gepaste kontak met belangrike persone uit die verlede |
| Liefdevol | | Word waardeer vir wie hy is |

(Thoburn, 1988:31-32)

Dit is egter nodig om te let op die algemene kenmerke wat kinders van volwassenes onderskei. Van der Merwe (2001:6) meen die kind verskil van die volwassene ten opsigte van ontwikkelingsvlak, kommunikasie en die hantering van die kliënterol en terapeutiese rol. Volgens Goldstein, Solnit, Goldstein en Freud (1996:9), is dit nodig dat die volgende vyf verskille tussen volwassenes en kinders altyd in gedagte gehou moet word waar met sorgbehoewende kinders gewerk word:

- Die kind se ontwikkelingsfase: Kinders verander baie van die een ontwikkelingsfase na die volgende. Hulle verander met betrekking tot hul onafhanklikheid van hul ouers, begrip van gebeure en ook hul behoeftes. Besluite oor kinders moet dus altyd hul ontwikkelingsfase in ag neem (Louw, Van Ede & Louw, 2005:4; Blunden, 2005:79).

- Die kind se konsep van tyd: In teenstelling met volwassenes, wat die verloop van tyd volgens 'n horlosie of kalender meet, het kinders 'n sin vir tyd wat met hul behoeftes en kognitiewe beperkings ooreenstem. Die ouderdom van die kind het dus 'n invloed op sy belewenis van die duur van sy skeiding van sy bindingsfiguur, byvoorbeeld hoe jonger die kind, hoe gouer vergeet hy sy ouers as hy weg van hulle woon (Schultz, 2000:20; Blunden, 2005:79; Louw, *et al.*, 2005: 255 & 333).

- Die kind se interpretasie van gebeure: Kinders ervaar alle gebeure op 'n baie persoonlike vlak, in teenstelling met volwassenes. Volgens Human (1994:166), kan 'n kind se betekenisgewing van die werklikheid verwring raak deur 'n oormatige gevoelslading, deur subjektief betekenis aan 'n saak toe te ken. Die dood van 'n ouer kan dus as doelbewuste verwerping en verlating beskou word (Blunden, 2005:79; Louw, *et al.*, 2005:334).

- Die interaksie tussen genetiese omgewingsfaktore: Genetiese faktore, dus ook die gesin van herkoms en omgewingsfaktore, beïnvloed mekaar wedersyds, en dit moet altyd in ag geneem word (Blunden, 2005:79).

- Die kind se begrip vir familiebande: In teenstelling met volwassenes, het kinders byvoorbeeld in die voorskoolse ontwikkelingsfase 'n beperkte begrip van familiebande. Hulle reageer op grond van die primêre versorger se optrede teenoor hulle. Die baba of kleuter se genetiese bindingspotensiaal word dus geaktiveer deur die wyse waarop die primêre versorger teenoor hom optree (Schultz, 2000:20; Louw, *et al.*, 2005:262 & 354).

Dit is dus noodsaaklik dat die sorgbehoewende kind raakgesien moet word as 'n kind wat in sy wordingsgang na volwassenheid, in nood verkeer. In die kind se soeke na sin en betekenis, word die lewensinhoude soos norme, waardes en leerinhoud, deur die kind as persoon ervaar en beleef (Human, 1994:165). Die navorser stem saam dat dit noodsaaklik is dat daar eers 'n duidelike begrip van die kind as kliënt verkry moet word en dat daar sonder kennis en begrip van die kind as kliënt, miskenning van die kind se unieke ervarings en behoeftes plaasvind.

## 3.8 BESKRYWING VAN KINDERMISHANDELING EN –VERWAARLOSING

Kinders is 'n land se menskapitaal en hul voortbestaan verseker die voortbestaan van 'n nasie. Om kindermishandeling te voorkom, is in 'n breë sin die taak van die gemeenskap en in meer spesifieke sin, die taak van die ouers. Wanneer ouers nie hierdie verantwoordelikheid nakom nie, word dit die taak van die maatskaplike werker om die gemeenskap te motiveer om netwerke daar te stel, ten einde in kinders se behoefte aan beskerming te voorsien (Laubscher, 1997:20).

Kindermishandeling kan beskou word as die ontneming of skending van regte van die kind. Die fenomeen van kindermishandeling kom wêreldwyd voor; daarom is dit 'n probleem vir alle gemeenskappe, waar kinders van alle ouderdomme uit alle sosiale en ekonomiese strata, slagoffers van hierdie misdaad word (Nkuna, 2001:25). Volgens Nkuna (2001:50), ontwikkel kinders wat fisies en emosioneel verwaarloos of mishandel word, emosionele sowel as gedragsprobleme, wat daartoe lei dat hulle nie optimaal as individue kan ontwikkel nie en as volwassenes, ontoereikend funksioneer. Kinderbeskerming word dus verder gekompliseer weens die morele en etiese verantwoordelikheid wat op die gemeenskap se skouers rus om hierdie groeiende probleem in die oë te kyk (Bates, Pugh & Thompson, 1997:25). Van Heerden (2000:37) merk tereg op dat die staat slegs konkrete aspekte kan afdwing. Wetgewing kan nie abstrakte dinge afdwing nie, soos dat ouers hul kinders moet liefhê.

Daar bestaan geen definitiewe en konkrete definisie van kindermishandeling nie, aangesien verskillende definisies daaroor bestaan. Baie definisies sluit die oortreder van die mishandeling in, die graad van mishandeling, die gevolge van die mishandeling of die emosionele effek wat mishandeling op die slagoffer het (Daro, 1988:27; Nkuna, 2001:26).

Voorbeelde van sulke definisies is soos volg:

Wallace (1996:83) en Bates, *et al.* (1997:11) definieer kindermishandeling as die fisiese, psigiese en emosionele afdreiging en aanranding van 'n kind. Hierdie definisie sluit nie alle vorms van mishandeling in nie en beskryf ook nie die oortreder nie.

Volgens Helfer en Kempe (1998:7), word kindermishandeling beskryf as 'n beplande fisiese aanval, insluitend minimale sowel as fatale beserings aan 'n kind. Hierdie definisie neem die graad van die mishandeling in ag. Daar word egter nie melding gemaak van die verskillende vorms van mishandeling nie; dit fokus slegs op fisiese mishandeling.

Kay (2001:102) meld dat kindermishandeling gekategoriseer kan word in fisiese, emosionele en seksuele mishandeling en verwaarlosing. Gelles en Strauss (1991:17) ondersteun hierdie omskrywing van kindermishandeling, deur te noem dat kindermishandeling die ondervoeding, gebrek aan beskerming, wankleding, fisiese geweld, seksuele aanranding en psigiese mishandeling van 'n kind, is. Hierdie is 'n baie wye beskrywing van kindermishandeling, maar sluit nie die graad van die mishandeling of die oortreder in nie.

Die definisie soos in Colton, Sanders en Williams (2001:128), wat kindermishandeling omskryf, is baie omvattend en sluit alle fasette van kindermishandeling in, naamlik: "Child abuse is the physical or mental injury, sexual abuse or exploitation, negligent treatment or maltreatment of a child under the age of eighteen by any person under circumstances which indicate that the child's health or welfare is harmed or threatened" (Nkuna, 2001:27). Die definisie van kindermishandeling soos vervat in die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:32), word ook algemeen gebruik weens sy omvattende beskrywing, naamlik: "die verskynsel dat kinders die slagoffers is van ouers, voogde, versorgers of ander persone wat hulle opsetlik fisiese, psigiese en emosionele leed aandoen en soms ook seksueel misbruik of toelaat dat hulle seksueel misbruik word." Genoemde definisies is omvattend, deurdat dit alle vorms van mishandeling insluit en ook melding maak van die oortreder.

Weens die omvattendheid van die konsep van kindermishandeling, is die navorser van mening dat elke welsynsorganisasie sy eie definisie rakende kindermishandeling moet formuleer, ten einde die besondere doel te dien waarvoor dit benodig word en in ooreenstemming met dienste wat gelewer word.

## 3.9 GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN KINDERMISHANDELING

Fisiese verwaarlosing en mishandeling van kinders is reeds so oud soos die aangetekende geskiedenis. Volwassenes reageer op mishandeling deur te ontken dat dit bestaan of deur middel van rasionalisering (Solnit, Nordhaus & Lord, 1992:3; Jacobs, 1998:16).

Gedurende die negentiende eeu in die Verenigde State van Amerika (VSA), het Mary Ellen, 'n agtjarige kind wat wreed mishandel was, die wêreld geskok. Dit was egter nie die eerste insident van mishandeling nie, maar haar saak het die wêreld geskok tot bewuswording van hierdie ernstige menslike probleem. Daar was geen wette of beleid in plek om hierdie kind(ers) te beskerm nie. Wette wat in gevalle van dieremishandeling gebruik was, is in Mary Ellen se geval benut (Solnit, *et al.*, 1992:4; Swanepoel & Wessels, 1992:1). Die wêreld het dus in hierdie geval bewus geword dat dissipline 'n beginsel van die Bybel is, wat impliseer dat ouers hul kinders moet tug. Hierdie siening het dus tot gevolg dat fisiese straf nodig is vir die dissiplinering van kinders (Human, 1994:58). Die uiteinde is die prerogatief van onderwysers en ouers om kinders aan te rand en te slaan en dit as vanselfsprekend te aanvaar dat hulle die reg het om kinders te behandel soos hulle goeddink.

Met verloop van tyd het hierde siening verander, en is daar wegbeweeg van die aanranding van kinders. So het daar regulasie in Suid-Afrika ontstaan wat enige vorm van lyfstraf in skole wetlik verbied (Jacobs, 1998:16). Enige vorm van mishandeling van kinders word ook wetlik verbied; sodoende word die kind se regte beskerm deur middel van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983).

Die vraag ontstaan dus of ouers wel lyfstraf aan hul kinders mag toedien as 'n vorm van tugtiging vir ongehoorde of ongewenste gedrag. Volgens Hitchcock (2006), verbied die nuwe Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) lyfstraf van kinders deur hul ouers. Die Verenigde Nasies het egter in hul riglyn vir die beskerming van kinders se regte (UNICEF, 1989:2), gemeld dat enige vorm van lyfstraf verbied word. Hierdie dokument is reeds deur die meeste Europese en Eerstewêreldlande, waaronder Suid-Afrika, onderteken. Volgens *Regulations under the Child Care Act, 1983 (Act 74 of 1983),* word enige vorm van lyfstraf, ingevolge Regulasie 32(3) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) egter verbied rakende kinders wat reeds deur 'n kinderhof sorgbehoewend bevind is (Government Gazette, 1998:19-20).

## 3.10 SOORTE KINDERMISHANDELING

Na aanleiding van die bespreking van mishandeling, word die verskillende konsepte van kindermishandeling soos in die definisies vervat, individueel volgens die *White Paper of Social Welfare* (Government Gazette, 1997:92) bespreek, naamlik:

### 3.10.1 Fisiese mishandeling

Fisiese mishandeling laat fisiese getuienis, en is daarom sigbaarder as emosionele of seksuele mishandeling (Laubscher, 1997:52). 'n Fisies mishandelde kind is 'n kind wat, nie per ongeluk nie, fisies beseer is deur die persoon in wie se sorg hy of sy is (Wiebe, 1996:5). Dit verwys ook na ernstige, herhaaldelike, beplande beserings aan 'n kind, soos onverklaarbare kneusplekke, brandwonde, gebreekte bene, snye en ongelukke. Volgens Colton, *et al.* (2001:129), kan fisiese mishandeling ook soos volg beskryf word: "…hitting, shaking, throwing, poisoning, burning or scalding, drowning, suffocating, or otherwise causing physical harm to a child. Physical harm may also be caused when a parent or carer feigns the symptoms of, or deliberately causes ill health to a child whom they are looking

after." Clark en Clark (2001:177) meen: "This is an act of commission by a parent or caretaker which is not accidental and which results in physical injury and includes fractures, burns, bruises, welts and internal injuries."

Volgens die navorser, dui fisiese aanranding dus op kinders wat uiterlike fisiese tekens en simptome van die geweld toon, wat ook medies bevestig kan word. Dit gebeur wel dat kinders oor die algemeen beserings opdoen weens ongelukke, byvoorbeeld val, stamp of sport. Die aanhoudende herhaaldelikheid van simptome kan egter 'n aanduiding wees van ouers se opsetlike pogings om hul kinders te beseer. Die fisiese mishandeling van kinders hou sowel fisiese as emosionele gevolge vir hulle in, en dit word gevolglik onder 3.10.1.1 en 3.10.1.2 bespreek.

#### 3.10.1.1 Simptome van fisiese mishandeling

Nkuna (2001:42-43) meld, soos uit haar navorsing bevind, dat daar verskeie fisiese simptome van mishandeling is, naamlik:

- ***Kneusplekke***

Kneusings van verskillende kleure, veral kneusings bo-op kneusings en vingermerk-kneusings, word as baie suspisieus beskou. Kneusings kom voor oor die hele liggaam, sowel as gesig, mond en lippe, merke wat reflekterend is van voorwerpe wat gebruik is tydens die aanranding, byvoorbeeld 'n elektriese koord of gordel. Kinders doen dikwels beserings aan die sagte weefsel op, dit wil sê dele van die liggaam wat nie per ongeluk kan seerkry nie. Voorbeelde hiervan is kneusings binne die oor, aan die binnekant van die dye en rondom die genitalieë (Laubscher, 1997:54).

- ***Brandwonde***

Volgens Hobbs en Wynne (1996:11), val termiese beserings in verskeie kategorieë, naamlik:

- Sigaretbrandmerke: Dit veroorsaak aanvanklik 'n ronde blaas en word later 'n vlak seer. Dit kom veral op die handpalms, voetsole of genitalieë voor.

➢ Dompelbrandwonde: Dit is duidelik omlynde tweede- of derdegraadse brandwonde, waarvan die verspreiding soms lyk soos 'n handskoen of kous. Dit moet altyd as toegediende brandwonde beskou word. 'n Kind sal byvoorbeeld nie sy hand lank genoeg tot by die pols in kokende water hou sodat dit lyk asof hy 'n kokende "handskoen" aangehad het nie.

➢ Brandwonde veroorsaak deur toue of elektriese voorwerpe: Dit word vermoedelik veroorsaak weens vasbinding, en wonde is reflekterend van voorwerpe wat gebruik is, byvoorbeeld 'n strykyster.

- ***Skaafmerke***

Dit kom voor op lippe, oë of enige gedeelte van die gesig, aan tandvleise as aanduiding van geforseerde voeding, op genitalieë, arms en bene (Laubscher, 1997:58).

- ***Beenbreuke***

Thomas (1991:474) meld dat beenbreuke die mees algemene vorm van ledemaattrauma is. Dit is dikwels eers wanneer die kind die derde of vierde maal 'n fraktuur opdoen, dat die vermoede ontstaan dat die besering nie onskuldig is nie. Dit is belangrik dat medici se menings en diagnoses van beenbreuke as geloofwaardig beskou word, veral indien dit met X-strale en skanderings bevestig is. Dit kom voor aan lang bene en stywe en geswolle gewrigte kom ook voor. Dit gebeur soms dat beenbreuke behandel word sonder dat die kind as geheel ondersoek word (Laubscher, 1997:57; King, 1998:587).

- ***Hoofbeserings***

Laubscher (1997:56) meld dat hoofbeserings die leidende oorsaak is wanneer kinders as gevolg van mishandeling sterf. Kinders doen ook harsingskudding op, deurdat hulle teen die kop geklap, met die vuis geslaan of hul koppe teen die muur gestamp word. Fisiese simptome behels die afwesigheid van hare, bloeding onder die kopvel weens herhaaldelike pluk aan hare; nasale, skedel- of kakebeenfrakture. Babas wat deur hul ouers geskud word (skudbeseerde baba), geniet ook tans baie aandag in die maatskaplikewerk-professie, aangesien breinbloeding kan ontstaan wat tot blindheid, epileptiese aanvalle,

ontwikkelingsvertraging of selfs die dood van die baba kan lei (Daro, 1988:31; Blumenthal, 1994:55).

#### 3.10.1.2 Gedragspatrone

Wissom (1990:14-15) en Nkuna (2001:43) meld die volgende gedrags- en emosionele patrone wat kan voorkom by kinders wat fisies mishandel word:

- vrees vir fisiese kontak;
- aggressiewe eienskappe: sporadiese woede-uitbarstings, vernielsugtigheid, afknouery van ander kinders, opvlieëndheid, opstandigheid en woedebuie;
- onsekerheid: aandagsoekende gedrag, lae selfbeeld, swak eetgewoontes, swak toiletgewoontes, en klouerigheid;
- dra van langmoue en ander verbergende kledingstukke, selfs in warm weer;
- kom vreesbevange voor vir ouers of versorgers;
- klagtes dat fisiese aktiwiteite ongemak of pyn veroorsaak;
- skoolprobleme: leerprobleme, buitengewone hoë afwesigheidsyfer van skool, lastigheid en aandagvergende gedrag, daag vroeg op vir skool of bly gereeld laat;
- negatiwiteit: gebrek aan nuuskierigheid, ongehoorsaamheid, moedswilligheid, slordigheid, onttrekking en traak-my-nie-agtigheid; en
- eienskappe van angs: gespanne, swak konsentrasievermoë, aanhoudend geselserig, hiperaktief en rusteloos, huilerig, slaaploosheid (Miller-Perrin & Perrin, 1999:79-80).

Volgens die navorser, kan die fisiese mishandeling van 'n kind lei tot die ontbreking van vertroue in homself en ander. Afwykende gedrag en emosionele trauma word by so 'n kind bespeur. 'n Kind wat aan fisiese mishandeling blootgestel was, sukkel ook om as volwassene stabiele verhoudings te handhaaf, weens die negatiewe rolmodelle wat sy ouers vir hom was.

### 3.10.2 Seksuele misbruik

Weens die feit dat seksuele molestering nie noodwendig op gewelddadige wyse plaasvind nie, word die term "seksuele misbruik" as meer beskrywend beskou (Britz, 2003:24). Die navorser sal gevolglik van die term "seksuele misbruik", gebruik maak. Seksuele misbruik is die betrokkenheid van 'n kind met 'n volwassene binne of buite die gesinstruktuur, met of

sonder die kind se toestemming, in seksuele gedrag. Hierdie seksuele gedrag het ten doel om die oortreder, wat verantwoordelik is vir die kind se versorging of toesig, te bevredig of te vermaak, hetsy dit heteroseksuele of homoseksuele gedrag is. Dit gaan ook gepaard met geweld of dreigemente van geweld (Berliner & Elliott, 1996:51; Wiebe, 1996:62; Carstens, 2002:108; Berliner, 2003:12).

Verskeie definisies van seksuele mishandeling bestaan. Meyers (1997:14) meld dat seksuele misbruik alle vorme van betasting van ‘n kind deur ‘n volwasse persoon insluit, met die doel om die volwassene seksueel op te wek. Seksuele misbruik sluit ook in seksuele omgang, wedersydse orale bevrediging van genitalieë, asook intieme soene op die mond en oor die hele lyf. Seksuele misbruik van ‘n kind vind dus plaas indien die volwassene se doel seksuele bevrediging is.

Die beskrywing van seksuele misbruik deur Macaskill (1993:13) word vir die doeleindes van hierdie studie gebruik, vanweë die omvattendheid daarvan en die feit dat dit baie prakties is, naamlik:

> Sexual abuse means the forcing of sexual contact. This can involve handling the child’s genitals or requests for sexual handling by an older child or adult. Sometimes the contact is oral sex. Sexual contact includes attempts at penetration of the vagina or anus. It can involve penetration by the penis but also fingers and objects can be used (Crosson-Tower, 2002:123).

Die navorser is van mening dat die seksuele misbruik van kinders, veral binne die gesinsisteem, (byvoorbeeld waar bloedskande voorkom), bydra tot skuldgevoelens by hierdie kinders. ‘n Dogter wat byvoorbeeld seksueel deur haar vader misbruik word, kan rolverwarring beleef, waar sy as kind gedwing word om volwasse dinge te doen waarvoor sy nog nie emosioneel opgewasse is nie. Dit kan ook gebeur dat ‘n gesin waar bloedskande voorkom as ‘n geslote sisteem funksioneer om hulself te vrywaar van die skande, indien hierdie optrede in die gemeenskap bekend word.

#### 3.10.2.1 Soorte seksuele misbruik

Die soorte seksuele misbruik word aan die hand van Nkuna (2001:44) en Crosson-Tower (2002:124) bespreek, naamlik:

- ***Verkragting***

Hierdie seksuele misbruik vind plaas wanneer seksuele gedrag en penetrasie plaasvind saam met geweld, waar dwang ‘n groot rol speel. Verskille op die volgende terreine dui op ‘n ongelykheid van mag en outonomiteit, naamlik grootte, ouderdom, intelligensie, krag en populariteit. Gewelddadige, gedwonge seksuele verkeer (verkragtings) asook nie-gewelddadige gemeenskap met ‘n kind onder 16 jaar, is onwettig, aangesien hierdie kinders nie toestemming tot seksuele omgang kan gee nie. Penetrasie kan plaasvind deur die penis of deur middel van ‘n vinger of objekte (Laubscher, 1997:84; Britz, 2003:104).

- ***Bloedskande***

Bloedskande is, volgens Mouzakitis (1995:84), die mees emosioneel gelaaide en sosiaal onaanvaarbare vorm van seksuele misbruik. Hier vind seksuele misbruik plaas binne gesinsverband, waar ‘n ouer of ouer sibbe, seksuele kontak met ‘n kind het, met ander woorde binne die nukluêre gesin. ‘n Surrogaatouer, stiefouer of saamleefmaat kan hierby ingesluit word. Hierdie seksuele gedrag ontwikkel gewoonlik oor ‘n tydperk en die kind word verwar deur omkopery of afgedreig met straf en geweld (Faller, 1991:144; Müller, 1998:15).

- ***Molestering***

Betasting verwys na die aanraking van die kind se genitalieë, dit wil sê die vaginale area en borste by dogters en die penis by seuns. Seksuele molestering behels dus enige vorm van betasting, hetsy orale, anale, genitale, of borskontak, of die gebruik van voorwerpe vir seksuele penetrasie, betasting of stimulasie. Hierdie betasting kan plaasvind waar die oortreder die slagoffer betas of waar die slagoffer die oortreder moet betas (Hunter, 1990:9; Doyle, 1994:23; Müller, 1998:12).

- ***Sodomie***

Sodomie vind plaas wanneer die kind se anus gepenetreer word deur die manlike oortreder se penis. Dit gaan ook gewoonlik gepaard met geweld. ‘n Objek of vinger kan ook vir die penetrasie gebruik word. ‘n Kind se rektum is baie elasties; gevolglik kan penetrasie plaasvind sonder dat die kind enige beserings opdoen (Macaskill, 1993:14; Britz, 2003:105).

- ***Geen-kontak seksuele misbruik***

Volgens Britz (2003:98), veronderstel geen-kontak seksuele misbruik dat geen fisieke kontak tussen die kind en die oortreder plaasvind nie. Die aard van die interaksie is telkens gerig op die seksuele behoeftebevrediging van die volwasse persoon en die uitkoms van die interaksie kan uiteindelik tot die nadeel van die kind se ontwikkeling strek. 'n Kind kan gedwing word om na die genitalieë van 'n volwassene te kyk, om seksuele omgang tussen volwassenes te aanskou, om self seksuele gedrag voor volwassenes te openbaar of om homself uit te trek (Macaskill, 1993:13). Voorbeelde van geen-kontak seksuele misbruik sluit die volgende in:

- Voyeurisme: Seksuele bevrediging word verkry deur na die kind se naakte liggaam of genitalieë te kyk (Doyle, 1994:20).

- Ekshibisionisme: Dit verwys na die doelbewuste vertoon van die genitalieë, om seksuele bevrediging te ervaar. 'n Verdere vorm van ekshibisionisme is wanneer die volwasse persoon masturbeer of met 'n ander persoon seksuele omgang het in die teenwoordigheid van die kind (Hunter, 1990:14).

- Fotografering van die kind: Vir seksuele doeleindes, kan foto's en videobande van die kind geneem word. Wanneer die kind afgeneem word, kan hy versoek word om op verskillende maniere te poseer of om seksuele aktiwiteite met ander kinders of volwasse persone uit te voer (Hunter, 1990:11).

- ***Kinderprostitusie***

Volgens Hunter (1990:20), kan 'n kind op verskillende maniere aan kinderprostitusie blootgestel word. Die kind kan byvoorbeeld op indirekte wyse aan prostitusie as lewenswyse blootgestel word, waar die ouer hom/haarself aan prostitusie skuldig maak. 'n Meer direkte vorm van misbruik is wanneer dit die kind se werk is om kliënte vir prostitusie te werf, asook wanneer die kind vir seksuele redes uitverhuur word.

- ***Pornografie***

Pornografie word ook as 'n seksuele oortreding beskou en word algemeen versprei deur die media. Pornografie behels die ekplisiete toon van seksuele dade en naaktheid in films,

video's en op foto's. Dit is voorheen baie streng beheer, maar tans is daar omtrent geen beheer meer daaroor nie, weens verbeterde tegnologie en kommunikasie. Pornografie kom wyd en syd voor in tydskrifte en boeke, en op televisie en video's (Müller, 1998:36). Volgens die navorser se mening, het vrye toegang tot die internet en ook die feit dat sms-boodskappe gekoppel word aan pornografiese netwerke, bygedra tot die verlaging in die beheer van pornografie.

Die fisiese sowel as emosionele simptome van seksuele misbruik word verder onder punt 3.10.2.2 en 3.10.2.3 bespreek.

#### 3.10.2.2 Fisiese simptome van seksuele misbruik

Volgens Winship (1998:14), kan die volgende fisiese simptome van seksuele misbruik bespeur word:

- swangerskap op 'n vroeë ouderdom;
- kneusmerke aan genitalieë (vagina of anale areas);
- bloeding van genitalieë (vagina of anale areas);
- aanwesigheid van sperm;
- geskeurde, gevlekte of bloedbevlekte onderklere; en
- geswolle of rooi serviks of vagina (Schreier, Sager & Erskine, 1996:64).

#### 3.10.2.3 Gedragspatrone

Volgens Wissom (1990:15), Burgess (1992:71) en Macaskill (1993:38-41), kan die volgende gedragspatrone 'n aanduiding wees van seksuele misbruik, naamlik:

- swak portuurgroepverhoudings;
- oormatige masturbasie en pre-okkupasie met geslagsdele;
- seksuele teistering teenoor ander kinders;
- speletjies wat seksuele dade uitspeel en oorgeseksualiseerde gedrag;
- vrees vir sekere vertrekke in die huis, byvoorbeeld die badkamer of 'n slaapkamer;
- prostitusie;
- onttrekking van sosiale verhoudings;
- slaapversteurings, soos nagmerries en in die slaap loop;
- voorkoms van infantiele gedrag en optrede;

- selfmoordpogings;
- skoolprobleme;
- posttraumatiese stressindroom: aanhoudende gedagtes, nagmerries en herinneringe aan die trauma;
- alkohol- en/of dwelmmisbruik; en
- onbeheerbare uitreagerende gedrag (Laubscher, 1997:105; Miller-Perrin & Perrin, 1999:124-127).

Seksuele misbruik is dus die betreding van die kind se persoonlike grense wat 'n lewenslange effek op die kind mag hê.

### 3.10.3 Emosionele mishandeling

Emosionele mishandeling is, volgens die navorser, die mees versteekte van alle vorme van kindermishandeling; daarom is dit moeilik om te identifiseer. Dit is nie 'n tasbare vorm van mishandeling nie, en is daarom ook moeilik om te beskryf. Emosionele mishandeling kom in alle vorme van kindermishandeling voor, naamlik kinderverwaarlosing, en fisiese en seksuele mishandeling (Renn, 1989:3; Cattanach, 1992:19; Hobbs, Hank & Wynne, 1993:107-108).

Volgens Blumenthal (1994:3), vind emosionele mishandeling plaas wanneer 'n kind verbaal deur 'n ouer of sy versorger, verkleineer, verskree, gevloek of geterroriseer word. Dit kan ook plaasvind waar 'n ouer of versorger hul liefde vir die kind onttrek, die kind ignoreer of emosioneel verwerp. Dit is moeilik om emosionele mishandeling te diagnoseer aangesien dit meestal subtiel is en op sielkundige vlak plaasvind (Nkuna, 2001:49). O' Hagan (1993:15) meld ook: "Emotional abuse is the sustained, repetitive, inappropriate emotional response to the child's expression of emotion and its accompanying expressive behaviour" en "emotional abuse per sé is in its infancy in terms of recognition, yet it is beginning to be recognised as just as devastating as physical abuse or even more so in some situations."

Die navorser is verder van mening dat emosionele mishandeling moontlik die basis van alle mishandeling kan wees, aangesien enige ander vorm van mishandeling gepaardgaan met die emosionele aftakeling van 'n kind. Die kern hiervan is dat dit volgehoue en herhalend is.

#### 3.10.3.1 Soorte emosionele mishandeling

Soorte emosionele mishandeling wat voorkom volgens Wissom (1990:15-16), Faller (1991:25), Blumenthal (1994:37), Wiebe (1996:6) en Nkuna (2001:50), behels die volgende:

- verwerping, terrorisering, vernedering en isolering van die kind;
- ontneming van toegeneentheid en kognitiewe stimulasie;
- blootstelling aan gesinsgeweld, ernstige huislike ontwrigting, diefstal en seksuele gedrag;
- onbehoorlike kritiek, dreigemente, vernedering, beskuldigings of verwagtinge rakende die kind; en
- die psigiese of emosionele toestand van die voog van die kind of chroniese alkohol- of dwelmmisbruik deur enigeen wat in dieselfde woning as die kind is – dus onbetroubare en onverantwoordelike ouerskap.

Daro (1988:35) definieer drie soorte emosionele mishandeling, naamlik:

> … emotional neglect, including acts of omission; emotional assault, including verbal attacks by parents or other adults or siblings on a one-time or continuing basis; and emotional abuse, including chronic attitudes or acts by parents or care-takers that are detrimental to or prevent the development of a positive self-image for the child.

Die gedragspatrone wat 'n kind openbaar wat aan emosionele mishandeling blootgestel is, word vervolgens in punt 3.10.3.2 bespreek.

#### 3.10.3.2 Gedragspatrone

Volgens Iwaniec (1995:6), Wiebe (1996:6), Winship (1998:14-15) en Nkuna (2001:51), kan die volgende gedragspatrone 'n aanduiding van emosionele mishandeling wees, naamlik:

- openbaar valse en/of ontkennende gedrag ten opsigte van sy optredes;
- afwesigheid van 'n positiewe en sterk selfbeeld;
- depressiewe gedrag;
- psigo-somatiese klagtes;
- selfmoordpogings;
- slaapversteurings;
- eetversteurings;
- destruktiewe gedrag soos die mishandeling van diere, vandalisme en brandstigting;

- impulsiewe en antisosiale gedrag;
- gedrag wat onvanpas is vir die kronologiese ouderdom, soos om te volwasse of te kinderlik te wees;
- enurese;
- onderontwikkelde intellektuele vermoëns;
- onvermoë om portuurgroepverhoudings te vorm en te handhaaf;
- aanhoudende aandagsoekende en/of irriterende gedrag;
- swak skoolvordering; en
- onaanvaarbare gedrag, soos vingersuig, stamp van die kop en skommelbewegings (Daro, 1988:37; Laubscher, 1997:140).

Die navorser is van mening dat in baie gevalle geen fisiese simptome by die emosioneel mishandelde kind waargeneem word nie, maar die emosionele pyn en beserings kom tot uiting in die kind se afwykende gedrag; dit het 'n negatiewe effek op alle ontwikkelingsaspekte van die kind.

### 3.10.4 Verwaarlosing

Volgens Ovens (1992:72) en Mouzakitis (1995:11), word kinderverwaarlosing omskryf as die onvermoë van die versorger wat verantwoordelik is vir die kind, om aan die kind basiese benodigdhede vir oorlewing te bied wat belangrik is vir 'n kind se fisiese, intellektuele en emosionele ontwikkeling. Hierdie basiese benodigdhede sluit in liefde, voeding, skuiling, beskerming, toesighouding, mediese versorging, higiëne en opvoeding. Crosson-Tower (2002:64) definieer verwaarlosing soos volg:

> …a condition in which a caretaker responsible for the child either deliberately or by extraordinary inattentiveness permits the child to experience available present suffering and/or fails to provide one or more of the ingredients generally deemed essential for developing a person's physical, intellectual, and emotional capacities.

Kinderverwaarlosing beteken dus dat die ouers nie voorsien in die basiese behoeftes van die kind nie, wat negatiewe gevolge vir die gesinsisteem as geheel het.

Die simptome van verwaarlosing word gevolglik in punt 3.10.4.1 bespreek.

### 3.10.4.1 Simptome van verwaarlosing

Volgens Wiebe (1996:11-14), Nkuna (2001:59) en Crosson-Tower (2002:64), is daar fisiese, sowel as gedragsimptome van verwaarlosing, en is dit soos volg:

- ***Fisiese simptome***

- Gebrekkige gesondheidsorg: ‘n Kind se ouers weier of versuim om mediese versorging vir hul kind te laat kry indien dit nodig mag blyk. Dit kan insluit dat ‘n kind nie ingeënt word nie, tandheelkundige behoeftes geïgnoreer word of nodige medikasie nie hernu word nie.

- Swak persoonlike higiëne: Die kind word nie gereeld gebad nie of die kind het onvoldoende kleding. Die kind kan ook van slaap weerhou word.

- Onvermoë om die kind teen huishoudelike gevare te beskerm: Gifstowwe en medikasie is maklik bekombaar of lê oop en bloot rond. Daar kan ook strukturele gevare aan die huis wees, soos gebreekte trappe en vensters, asook gate in die dak of vloer.

- Verhongering of wanvoeding: Die kind kry geen voeding nie, of verkry voeding wat gebrekkige voedingswaarde het.

- Onvoldoende skuiling: Dit sluit in dat ‘n ouer nie behuisingstabiliteit handhaaf nie deur ’n nomadiese bestaan te voer (haweloosheid), oorbewoning, wanneer ‘n ouer ‘n kind van die huis af wegjaag of weier om ‘n kind in die huis toe te laat.

- Verlating: ŉ Kind word in parke, vullisdromme of by famile of vreemdes gelaat. Dit kan byvoorbeeld ook gebeur dat ouers nie hul kinders by kleuterskole, hospitale of naskoolsentrums gaan haal nie.

- Akademiese verwaarlosing*:* Dit gebeur wanneer ‘n ouer nie hul kind van skoolgaande ouderdom, by ‘n skool inskryf nie, of wanneer stokkiesdraaiery toegelaat word. Die herhaalde verhuising van ouers dra ook daartoe by dat kinders gereeld van skool verwissel, wat ‘n negatiewe inwerking op sy skoolvordering het.

- Gebrekkige toesighouding*:* Dit gebeur wanneer 'n kind vir lang periodes sonder toesig gelaat word of op sy eie in die strate rondloop (Miller-Perrin & Perrin, 1999:165).

- ***Gedragsimptome***

Volgens Miller-Perrin en Perrin (1999:171), kan die volgende gedragsimptome by kinders wat deur hul ouers verwaarloos word, voorkom:

- raak aan die slaap gedurende skooltyd;
- bedel vir of steel voedsel;
- swak akademiese vordering;
- laer vlakke van algemene intelligensie;
- ongereelde skoolbywoning;
- impulsiwiteit;
- gevoelens van isolasie;
- gebruik van alkohol en/of dwelms;
- betrokkenheid by kriminele oortredings;
- versteurde ouer-kind binding; en
- gebrekkige sosiale vaardighede, en die kind isoleer homself .

Bogenoemde aspekte ten opsigte van alle fasette van kinderverwaarlosing en kindermishandeling word ingesluit, aangesien die maatskaplike werker kennis moet dra van hierdie inligting ten einde inligting aan die voornemende pleegouers te gee waar nodig.

Uit die bespreking van die verskillende soorte kindermishandeling wat voorkom blyk dit dat die primêre sisteem, naamlik die ouers, nie in die basiese behoeftes van die kind voorsien nie. Dikwels word die kind van sy basiese regte, wat geskoei is op gesonde funksionering, ontneem. Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker oor bogenoemde kennis moet beskik vir insluiting by die opleidingsprogram.

## 3.11 GEVOLGE VAN DIE VERWYDERING VAN KINDERS

Volgens Johnson en Schwartz (1994:193), benodig elke kind versorging om te kan oorleef. Die proses van emosionele binding met ander mense, dra by tot die kind se fisiese, sosiale,

intellektuele en emosionele ontwikkeling. ‘n Primêre vereiste vir die verwydering van kinders, is dat hulle sorgbehoewend moet wees. Kinders kan dus op grond van die teenwoordigheid van een of meer van die bespreekte soorte mishandeling, sorgbehoewend bevind word deur ‘n Kommissaris van Kindersorg. Verwydering van kinders uit gesinsverband moet as die laaste uitweg gesien word en eers oorweeg word nadat sekerheid bestaan dat hulle verwydering nie verhoed kon word nie. Dit is noodsaaklik om alle faktore in ag te neem, aangesien kinders wat verwyder word, emosionele trauma ervaar (*Departement van Gesondheid en Welsyn,* 1982:4). Schultz (2002:41) verduidelik soos volg:

> It is very traumatic for a young child to be separated from his attachment figures because he is so intensely dependant on them. Even though the domestic environment is bad, it is the only home he knows. He loses the most important people in his life and everything that is familiar to him.

### 3.11.1 Gevoelens van kinders wat verwyder is

Volgens Oaklander (1988:122), is kinders nie met gevoelens bekend nie. Gevoelens word deur kinders vermy deur dit weg te stoot, te ontken en weg te steek. Schoeman (2001a:52) meld dat onopgeloste gevoelens by ‘n kind soveel energie opneem dat daar nie genoeg energie oorbly om ander gevoelens te hanteer nie.

Volgens die *Departement van Gesondheid en Welsyn* (1982:8), Plumer (1992:29-35), Bates, *et al*. (1997:137&144) en Lewis (1999:131), word die volgende gevoelens deur kinders wat uit hul ouers se sorg verwyder word, ervaar:

- verwerping en waardeloosheid: die kinders beleef dat hulle nie goed genoeg is om liefgehê te word nie of dat hul ouers hulle nie meer wil hê nie;

- skuldgevoelens: die kinders voel dat hulle ‘n aandeel in die verbrokkeling van die gesin gehad het;

- vyandigheid: dit versterk die skuldgevoelens by die kinders omdat hulle meestal die opvatting huldig dat gevoelens van vyandigheid teenoor hulle ouers ‘n strafbare oortreding is;

- verlating: dit skep by die kinders die onsekerheid of hulle ouers hulle weer terug wil hê;

- vrees vir die onbekende: die vraag ontstaan by die kinders waarheen hulle gaan en of die mense by wie hulle geplaas gaan word, van hulle sal hou; en

- skaamte: die kinders hou hulself besig met die vraag waarom hulle ouers nie soos ander ouers vir hulle kan sorg nie.

Na die mening van die navorser, is dit duidelik dat die verwydering van kinders 'n baie groot impak op die kind het, wat jare na die verwydering steeds negatief op die kind kan inwerk. 'n Kind sal altyd hunker na sy ouers; om te weet waar hy behoort en wat sy herkoms is.

Die verwydering van 'n kind het dus 'n geweldige invloed op die vorming van sy identiteit, sy selfbeeld en die stabiliteit van sy selfkonsep, wat dui op sy interne belewing van gevoelens jeens homself. Dit word vervolgens aan die hand van Palmer (1995:37-43) bespreek:

#### 3.11.1.1 Onderbreking van identiteitsvorming

Identifisering word volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:28) soos volg omskryf: "Proses waardeur individue hulself onbewus, of gedeeltelik onbewus, ten nouste met ander individue vereenselwig as gevolg van emosionele bande wat tussen hulle bestaan." Verwydering onderbreek dus die kind se verwerwing van outonomiteit binne sy gesin en sy hoofbron van identiteitsvorming. Die gesin is algemeen verantwoordelik vir die beskerming van 'n kind, maar met die kind se verwydering het die ouers die kind gefaal. Die kind het nie meer 'n veilige hawe waarvandaan hy geleidelik sy vermoë tot onafhanklikheid kan toets nie. Sodoende word sy verlede en toekoms van mekaar geskei. Die onderbreking van die kind se identiteitsvorming ondermyn die sukses van sy ontwikkeling, aangesien sy vermoë om intieme verhoudings aan te knoop, afhang van 'n stabiele identiteit (Plumer, 1992:32).

#### 3.11.1.2 Verlaging in selfbeeld

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:58) definieer selfbeeld as 'n persoon se persepsie en evaluering van homself, asook sy rolvervulling. Die kind wat afsonderlik van sy eie gesin woon, kan beleef dat hy verwerp is deur die persone waarvoor hy die meeste waardering voel. Die kind kan beleef dat niemand vir hom lief is nie en dat hy ook nie waardevol vir enige iemand is nie. Dit het tot gevolg dat die kind 'n negatiewe beeld oor sy gesin en homself vorm. Sodoende vind die kind dit moeilik om aanvaar te voel deur sy

substituutversorgers en die samelewing, aangesien daar ‘n gebrek aan aanvaarding deur sy ouers is. Kinders wat verwyder is, kan ook minderwaardig voel teenoor die nuwe verwysingsgroep, naamlik die eie kinders van hul versorgers, die buurt en skool (Plumer, 1992:32).

#### 3.11.1.3 Onstabiele selfkonsep

Kinders wat verwyder word, ontwikkel ook ‘n onstabiele selfkonsep. Louw (1990:296) beskryf selfkonsep soos volg:

> Die selfkonsep is die persoon se siening of beeld van homself. Dit beteken dat die persoon nie net kennis oor sy eienskappe het nie, maar ook gevoelens oor en evaluasies van homself en sy eienskappe. Die selfkonsep sluit dus sake soos ‘n selfbeeld, selfagting en selfaanvaarding in.

‘n Verandering in ‘n persoon se omgewing het dus tot gevolg dat ‘n verandering intree in die persoon se selfkonsep. Onsekerheid kan by die kind voorkom rondom hoe sy biologiese gesin hom sien. Die kind ervaar ook onsekerheid rondom sy aanvaarbaarheid of onaanvaarbaarheid in sy omgewing, weens nuwe tradisies en waardes. Die kind verloor ook gereeld in die proses vriende wat vir hom belangrik is, die bekendheid van sy omgewing, sy besittings en troeteldiere (Brown & Lynch, 1999:354).

#### 3.11.1.4 Emosionele probleme

Emosionele probleme wat deur kinders ervaar word wat deur hul ouers verwaarloos word, is ‘n aanduiding dat die kinders dit moeilik vind om met ander persone te identifiseer en om hul emosies te verbaliseer. Die kind kan ook onsekerheid beleef weens die tydelike verlies aan ‘n ouer. Emosies wat deur die kind beleef word, behels dat hy afstand behou van ander persone, hy kan nie op toegeneentheid reageer nie, hy is in homself gekeer, hy gaan deur fases van protes en wanhoop en hy toon tekens van vrees en spanning (Tully & Brendtro, 1999:13). Verder kan die kind ook die volgende openbaar: gevriesde waaksaamheid, vrees vir mislukking, verbale inhibisie, aandagafleibaarheid, passiewe aggressiwiteit, verlies van lewensgenieting, asook aandagsoekende en manipulerende gedrag. Verhoudingsprobleme, teruggetrokkenheid, verwarring, onsekerheid, spanning, depressie, nagmerries en leuentaal kan ook voorkom (Laubscher, 1997:68; *Department of Welfare,* 1998:7).

#### 3.11.1.5 Gedragsprobleme

Dit sluit alle vorme van onaanvaarbare gedrag in. Die kind tree op 'n sosiaal onaanvaarbare wyse op, soos om in gevegte betrokke te raak en te weier om hom aan reëls en dissipline te onderwerp. Weglopery uit die ouerhuis of uit alternatiewe versorging, asook pseudo-volwasse gedrag waar die kind die ouerlike rol inneem ten einde die ouer te plesier, is geïdentifiseer. Selfvernietigende gedrag, soos selfmoordneigings, kan ook voorkom. Die kind kan ook meer aggressief teenoor sy portuurgroep optree (Hart, Brassard & Karlson, 1996:78; Laubscher, 1997:68).

#### 3.11.1.6 Sosialiseringsprobleme

'n Gebrek aan sosiale gedrag wat normaalweg van 'n kind van sy ouderdomsgroep verwag word, kom by verwaarloosde kinders voor. Die kind was byvoorbeeld nie sy hande voor hy eet nie, borsel nie tande nie of het nie goeie toiletgewoontes nie, aangesien sy ouers hom nooit die basiese sosiale vaardighede aangeleer het nie. Die kind is dus sosiaal "gestrem." Verder sukkel die kind ook om verhoudings met sy portuurgroep te vorm en sosiaal aan te pas (Woodward Cautley, 1980:51).

#### 3.11.1.7 Skolastiese of opvoedkundige probleme

Dit is die intellektuele vermoë van die kind asook die potensiaal waaroor hy beskik. Swak verantwoordelikheidsin kom by die verwaarloosde kind voor en die kind het ook swak konsentrasievermoë. Die kind vind dit ook moeiliker om probleemoplossend te dink en kan ook oor gebrekkige kreatiwiteit beskik. Die kind kan dus skolasties swakker presteer as normaalweg en geen belangstelling in sy skoolwerk toon nie (Woodward Cautley, 1980:51; Hart, *et al*., 1996:79).

#### 3.11.1.8 Gesondheidsprobleme

Bestaande gesondheidsprobleme wat by 'n kind voorkom, is 'n aanduiding van die eise wat aan die versorgers gestel word. Aanhoudende gesondheidsprobleme sluit in: liggaamlike of verstandelike gestremdheid; ontstekings soos blaasontstekings; verwaarlosing in die vorm van sere wat moeilik genees; borsprobleme soos asma en chroniese kroep- of brongitisaanvalle; en algehele swak gesondheid soos allergieë, swak eetgewoontes en hartprobleme (Woodward Cautley, 1980:51).

Na die mening van die navorser, word baie kinders ook wees gelaat na die afsterwe van hul ouers weens MIV/VIGS. Dit kan dan ook gebeur dat babas gebore word met die MI-virus wat vanaf die moeder oorgedra is terwyl sy swanger was. Die MI-virus is 'n virus wat die belangrikste verdedigingselle van die menslike immuniteitsisteem, die CD4-selle, aanval en afbreek. Gevolglik kan die menslike liggaam hom nie teen enige infeksies beskerm nie (Mengel, 2003:22). Simptome wat met die virus verband hou, kan insluit: herpes, gordelroos, bakteriële velinfeksie, diarree en nagswete. Soos wat die siekte vorder, kan die geïnfekteerde persoon tuberkulose ontwikkel. Verstandelike agteruitgang, wegkwyning, infeksies van die brein en 'n algemene moegheid en swakheid, kan voorkom (Kleynhans, 2000:49). Die navorser is van mening dat die versorging van só 'n kind, baie fisiese versorging en aandag verg en dit is dus nodig dat die versorger oor die nodige kennis van MIV/VIGS moet beskik om in die kind se behoeftes te kan voorsien.

**3.11.2 Emosionele skeiding en binding**

'n Kind se aanpassing in alternatiewe versorging, word bepaal deur die aard en kwaliteit van sy bindingsgeskiedenis en sy reaksie op die skeiding en verlies van sy vorige primêre bindingsfiguur (James, 1994:88). Die verwyderde kind beskik oor 'n gebrek aan die geneigdheid om intieme, affektiewe bande met belangrike ander persone te vorm. Dit sluit in 'n gebrek aan emosionele sekuriteit en 'n onvermoë om hegte verhoudings te vorm. Die kind kan ook weens onverwerkte negatiewe ervarings soos mishandeling, verwaarlosing en gesinsgeweld, huiwerig wees om ander te vertrou en met 'n nuwe versorger te bind (Blunden, 2005:117).

Dit is dus vir die navorser duidelik dat die versorging van verwyderde kinders, ekstra emosionele druk op hul versorgers plaas, gesien in die lig van die kind se emosionele, sosiale, geestelike, intellektuele en gesondheidsprobleme. Dit is dus nodig dat substituutversorgers moet kennis dra van die kinders se emosionele probleme en hulle moet by magte wees om die probleme te oorbrug en in die kind se spesifieke behoeftes te kan voorsien.

Weens die feit dat kinders wat sorgbehoewend is, uit hul ouers se sorg verwyder word, word binding volledig bespreek onder punt 3.12.

## 3.12 BINDING

Volgens Schultz (2000:6) is dit die ouers wat daartoe in staat is om 'n sekure binding met 'n kind te fasiliteer, die kind se behoeftes korrek waar te neem en toepaslik daarop te reageer, en in staat is om waardes oor te dra, wat aan die kind kwaliteit verhoudings sowel as kontinuïteit in verhoudings kan voorsien. Vir Fahlberg (1994:15) beteken toereikende ouerskap die beskikbaarheid van bindingsfigure wat deurlopend die kind beskerm, sekuriteit bied, stimulering en aanmoediging voorsien, redelike verwagtinge koester, die kind help om emosies te identifiseer en ondersteuning bied (Wenar & Kerig, 2000:28). Vir Bosman en Van Zyl (1997:52) is 'n kollektiewe begrip van die som van die regte en verantwoordelikhede wat ouers het, in die verhouding wat hulle met hul kind het.

Binding word soos volg deur Schultz (2002:17) gedefinieer:

> Attachment is the strong, loving bond between parent and child that contains emotional involvement. It is a psychological relationship that forms when the primary caregiver consistently, from day to day, observes the needs of the child correctly and provides in it appropriately. It not only consists of physical care, but loving, attentive, physical contact and positive social interaction, a personal emotional involvement.

Steinhauer (1991:13) meld dat binding verwys na: "…the bond of caring and craving that ties child and caregiver to each other." Barker (1991:18) stem saam en definieer binding soos volg: "An emotional bond between individuals, based on attraction and dependance, which develops during critical periods of life…"

Die navorser stem saam met Santrock (1999:173) dat binding 'n verhouding tussen twee individue is wat 'n sterk gevoel jeens mekaar het, en ook voortdurend 'n groot aantal dinge saam doen om die verhouding te versterk.

### 3.12.1 Die bindingsteorie

Bindingsgedrag word geaktiveer elke keer wanneer 'n kind fisiese ongemak beleef, onseker en ongelukkig voel en nodig het om in die nabyheid van die primêre versorger te wees wat beskerming en versorging bied (Barker, 1991:18; Santrock, 1999:174; Schultz, 2002:19).

Volgens Santrock (1999:173), Schultz (2002:19) en Louw, *et al.* (2005:215-218), word drie basiese eienskappe geassosieer met bindingsgedrag, naamlik:

#### 3.12.1.1 Soeke na nabyheid

Volgens Bowlby (1988:5), het elke mens die vermoë om intieme emosionele bindings te vorm. Hierdie vermoë is deel van die menslike natuur. Die behoefte aan 'n bindingsfiguur kom van die babafase af tot in bejaardheid voor. Die primêre funksie van binding is dus om beskerming te bied. Die kind probeer om binne die beskermende omgewing van die ouerfiguur te bly. Die kind sal probeer om nader aan die ouerfiguur te kom wanneer hy ongemak of bedreiging beleef deur byvoorbeeld te huil, te roep of te soek. Terwyl die moeder die kind versorg, probeer hy die nabyheid behou deur geluidjies te maak en te glimlag. Dit is nie 'n teken van afhanklikheid of onvolwassenheid nie, maar eerder 'n basiese eienskap van sy gesonde persoonlikheidsfunksionering (De Klerk, 1994:34; Louw, *et al*., 2005:216).

#### 3.12.1.2 Basis van sekuriteit

Bowlby (1988:122) is van mening dat die kind sekuriteit deur die teenwoordigheid of beskikbaarheid van die bindingsfiguur verkry. Wanneer 'n kind byvoorbeeld onrustig, gespanne, angstig, honger en moeg is, wil hy graag naby sy bindingsfiguur wees. Wanneer die kind egter ontspanne, rustig en veilig voel, beweeg hy fisies weg van die bindingsfiguur om sy omgewing te verken, wetende dat hy na die bindingsfiguur kan terugkeer of dat sy sal reageer as hy haar nodig het. Die bindingsfiguur vorm dus 'n sekuriteitsbasis vir die kind, aangesien hy op hierdie figuur kan staatmaak vir ondersteuning en behoeftebevrediging. Dit veroorsaak dat die kind nie gepreokkupeer is met soekende gedrag nie, maar selfversekerd kan speel en eksploreer (Plumer, 1992:26; Blunden, 2005:60).

#### 3.12.1.3 Skeidingsgedrag

'n Bedreiging van die kontinue toeganklikheid of beskikbaarheid van die bindingsfiguur lei tot protes en aktiewe pogings om die nabyheid te herstel. 'n Kind wat gepreokkupeer is met angstige, soekende gedrag en vir lang tye in omstandighede verkeer waarin hy ongemak beleef omdat daar nie in sy behoeftes voorsien word nie, is minder ontvanklik vir stimulasie en ontwikkeling (Howe, 1995:51). Skeiding van die basiese versorgers is 'n realiteit vir 'n kind, maar dan normale geleidelike skeiding wanneer die kind daarvoor gereed is (Plumer, 1992:29). Verwydering van die kind is 'n traumatiese ingryping en onderbreking van die natuurlike skeidingsproses (Plumer, 1992:25-28; *Department of Welfare,* 1998:6). Die

bindingsteorie fokus op die kwaliteit van die interaksie tussen 'n ouer en kind wat bydra tot die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Die teorie erken ook die aangebore temperament van die kind (Herbert, 1993:22; Fahlberg, 1994:17).

### 3.12.2 Bindingspatrone

Soos reeds genoem, gebeur dit selde dat 'n kind geen binding het nie, maar wel dat die aard van die binding verskil. Die aard van die binding hang af van die kwaliteit van die verhouding en die interaksie met die selektiewe bindingsfiguur. Volgens Howe (1996:9), lei elke tipe emosionele verhouding tot 'n ander patroon van binding en word die volgende vyf bindingspatrone onderskei, naamlik:

#### 3.12.2.1 Geborge binding

Binne hierdie bindingsgeskiedenis, is die ouerlike versorging liefdevol, responsief en konsekwent. Die moeder is ook sensitief vir die kind se behoeftes en is die kommunikasie tussen die ouer en kind ryk, wederkerig en duidelik. Dit laat die kind toe om 'n duidelike begrip van homself, ander en hul verhouding met mekaar te vorm (Fahlberg, 1994:30). Verder ontwikkel die kind vertroue in die liefde, beskikbaarheid en betroubaarheid van die versorger. Die kind openbaar selfvertroue om sy omgewing te verken en hy bied goeie samewerking, veerkragtigheid en hulpvaardigheid. Die kind toon dus 'n mate van ontsteltenis by skeiding, maar word maklik getroos by hereniging. Later is die kind ook in staat om intieme en stabiele verhoudings waarin hulle liefde kan gee en ontvang, aan te gaan en in stand te hou (Plumer, 1992:29; Blunden, 2005:62).

#### 3.12.2.2 Insekure, angstige en ambivalente binding

In hierdie kategorie, neig die ouerlike versorging tot inkonsekwentheid, onbetroubaarheid en onvoorspelbaarheid. Die kind is onseker oor die ouer se beskikbaarheid en hulpvaardigheid. As gevolg hiervan, neig hy tot skeidingsangs en klouerigheid in die babajare en kom hy angstig voor wanneer hy sy omgewing wil verken. Dit is nie noodwendig 'n geval van dat die ouers nie lief is vir hul kinders nie, maar eerder dat hulle onsensitief is ten opsigte van die kind se behoeftes, die kind se behoeftes nie korrek waarneem of begrip daarvoor het nie. Die gevolg is dat die kind ervaar dat hy nie daartoe in staat is om sy gedagtes en gevoelens oor te dra nie (Schultz, 2002:31; Blunden, 2005:62).

Weens die feit dat die ouer nie die kind se gedrag reg verstaan nie, lok dit nie die gepaste respons uit nie. Die gevolg hiervan is dat die kind nie heeltemal in beheer is van of in staat voel om die inhoud van sy verhouding met ander te vestig nie. Dit kan angstigheid by die kind veroorsaak. Skeidings veroorsaak erge ontsteltenis kinders en hulle word moeilik getroos by hereniging. Ambivalente kinders eis beide ouerlike aandag en toon terselfdertyd hul kwaadwees en weerstand. Hierdie kinders toon nooit vertroue in hul ouers nie en vrees altyd dat hulle verlaat sal word (Downes, 1992:128). Dreigemente van verlating en waargenome verlies aan belangstelling van die ouers, verhoog die kinders se gevoel van ellende. Gedurende adolessensie en volwassenheid het hulle ‘n behoefte aan nabyheid, maar vertrou nie dat ander betroubaar is nie, en dit kan manifesteer in konflik, jaloesie en besitlikheid (Laubscher, 1997:15).

#### 3.12.2.3 Insekure, angstige en vermydende binding

Vermydende binding ontstaan wanneer die ouers onverskillig en verwerpend teenoor kinders is. Die kind ervaar geen vertroue in die ouer se beskikbaarheid nie en verwag om gekritiseer te word as hy hulp sou soek (Schultz, 2002:33). Die baba ontwikkel in ‘n kind wat poog om selfstandig te funksioneer en word soms as narsisties, vyandig, beledigend, impulsief en antisosiaal getipeer. Die ouers toon ‘n gebrek aan belangstelling in of ‘n gebrek aan betrokkenheid by hul kinders se behoeftes en emosionele toestand. Kinders van hierdie ouers toon nie duidelike tekens van ontsteltenis wanneer hulle van hul ouers verwyder word nie. Wanneer die kinders dan weer met hul ouers herenig word, ignoreer of vermy hulle die ouer (Blunden, 2005:62).

Hierdie kinders is behoedsaam, traak-my-nie-agtig en onsamehangend. Hulle toon ook weinig diskriminasie met wie hulle in interaksie tree. Hulle het uit ervaring geleer dat bindingsgedrag nie troos en gevoelens van sekuriteit meebring nie. Verder keer hulle in hulself en onderdruk alle emosies, omdat dit vir hulle net teleurstelling meebring. As volwassenes vermy hulle enige emosionele betrokkenheid en naby verhoudings, aangesien hulle ‘n vrees koester dat dit seerkry sal meebring. Hulle verhoudings is dus oppervlakkig en hulle is onverskillig ten opsigte van ander se gevoelens (Downes, 1992:132; Laubscher, 1997:15).

### 3.12.2.4 Insekure, angstige en gedisorganiseerde binding

Volgens Blunden (2005:63), toon die kinders wat hierdie bindingspatroon het, kenmerke van die voorafgaande twee bindingspatrone. Hulle poog soms om hul ouers of omgewing te beheer, domineer, verwerp en/of verneder. Hierdie bindingsgedrag kom voor by kinders wat deur hul ouers verwaarloos en mishandel word. Sommige van die ouers is self slagoffers van mishandeling en verwaarlosing (Goldberg, 2000:26). Die ouers is nie noodwendig konsekwent verwerpend nie, maar mag by tye baie vyandig en vreeswekkend wees. Vertoon van liefde word afgewissel met aggressie en geweld. Die bindingsfiguur se gedrag ontlok die kind se angs. Angstigheid lok ook bindingsgedrag wat maak dat die kind toenadering soek by die ouer. Die ouer is egter nie ‘n bron van veiligheid en troos nie, maar die oorsaak van die angstigheid. Die kind is konstant verward in die teenwoordigheid van die ouer, met die gevolg dat die kind emosioneel “vries”, met ander woorde die kind raak emosioneel afwesig. Die gedisorganiseerde persoonlikheid is teenwoordig, maar emosioneel afwesig (Hughes, 1997:22).

### 3.12.2.5 Geen binding

Hierdie bindingspatroon vind plaas wanneer ‘n kind geen geleentheid gehad het om ‘n binding te vorm nie, soos wanneer ‘n kind in ‘n inrigting grootgemaak word. Hulle mag fisies goed versorg wees, maar die voortdurende wisseling van personeel maak nie binding moontlik nie. Sulke kinders is sonder onderskeid in hul verhoudings en mense word gesien in die lig van wat hulle kan bied. Daar is geen emosies teenwoordig wanneer mense uit hul lewe verdwyn nie. Verder vind sulke kinders dit moeilik om impulse en gevoelens, woede en aggressie te beheer. Ander persone is slegs ‘n geleentheid tot onmiddellike behoeftebevrediging. Hierdie kinders se verhoudings is ook oppervlakkig en sonder wederkerigheid. Hierdie kinders se ouers het geen begrip vir die behoeftes van hul kinders nie en hulle kinders word gesien as in kompetisie met hul eie behoeftes. Dit is die ergste vorm van emosionele skade (Schultz, 2002:34).

Volgens die navorser hou kinders se gedrag of bindingspatrone verband met hul ouers se optrede. ‘n Bose kringloop ontstaan wanneer ‘n moeder nie gereeld op die kind se behoefte aan aandag reageer nie, die kind gevolglik weerstandige gedrag openbaar om aandag te bekom en die moeder hierdie negatiewe gedrag verwerp.

### 3.12.3 Die effek van gebrekkige bindings

Volgens Schultz (2000:14), het die gebrek aan 'n selektiewe binding wat sekuriteit bied, potensieel 'n langtermyn effek. Dit gebeur wanneer 'n kind aan herhaalde skeidings blootgestel is, met ander woorde die kind het 'n gebrek aan die kontinuïteit van ouerfigure, rou weens skeidings wat nie voldoende hanteer is nie of het te lank in onsekerheid verkeer, byvoorbeeld in 'n emosioneel onbetrokke veiligheidsplasing sonder duidelike beplanning, verduideliking of voorbereiding. Die gevolg is dat die kind sy vermoë om weer te bind, verloor het. Dit kan ook die gevolg wees van te lank aanbly in die sorg van ontoereikende en inkonsekwente beskikbare ouers wat nie 'n hegte binding met die kind kan fasiliteer nie (Fahlberg, 1994:133). Dit is dus die resultaat van baie ernstige en chroniese emosionele verwaarlosing. Kinders wat dus gebrekkige bindings gehad het, vind dit moeilik om vertroue in ander te hê, intimiteit te hanteer en normale langtermyn verhoudings te bou en in stand te hou (Plumer, 1992:29-35; Herbert, 1993:27; *Department of Welfare,* 1998:7; Louw, *et al*., 2005:269).

Steinhauer (1991:29) noem:

> Anna Freud has emphasized the importance of the critical period during which the child remains in limbo between the loss of the primary attachment figure and the provision of adequate and permanent parent substitutes. The longer the period, the greater the risk of permanent detachment.

Kinders met gebrekkige binding is selfgesentreerd, het nooit geleer om vir ander om te gee nie, maar het 'n sterk behoefte aan liefde en aandag. Hierdie kinders maak swak oogkontak, is altyd onseker, vertoon willekeurige aandagsoekende gedrag, is oor selfversekerd, het agterstande in hul ontwikkeling, beskik oor swak konsentrasievermoë en 'n lae frustrasiedrempel (Schultz, 2002:36).

Steinhauer (1991:32-37) onderskei die gevolge van 'n onvermoë om nuwe selektiewe bindings te vorm, soos volg:

#### 3.12.3.1 Permanente losmaak

Volgens Schultz (2002:37), is die kind nie daartoe in staat nie of is onwillig om liefde te gee of te ervaar. Die langtermyngevolg is dat hul eie ouerlike vermoëns uiteindelik daardeur beperk word. Dit lei tot angstige bindings met hul eie kinders, huweliksprobleme, verskeie

vorme van ouer-kind patologie en kindermishandeling. Fahlberg (1994:45) maak die volgende stelling:

> When a toddler has never developed an attachment to a carer, time is of the essence. Fraiberg notes that the unattached child, even at age three to four, cannot easily attach himself even when he is provided with the most favourable conditions for the formation of a human bond.

In die lig van die potensiële skade, is dit noodsaaklik om ‘n kind na verwydering uit ouerlike sorg, so te plaas dat die kind ‘n geleentheid tot binding het, al is dit tydelik soos in die geval van veiligheidsorg. Dit is moontlik vir die kind om weer te bind as hy eers ‘n gesonde binding gehad het. Kinders wat permanent losgemaak het, onttrek psigiese energie en herbelê dit in sy eie liggaam (duimsuig, wieg, stamp kop, masturbeer), onttrek in ‘n fantasiewêreld en raak egosentries (Schultz, 2002:37).

**3.12.3.2 Volgehoue verplaaste woede**

Hierdie kinders het probleme om hul woede te beheer. Woede wat ervaar word, word opgehoop en die uitdrukking daarvan word geblokkeer, verdraai of misplaas. Dit beïnvloed die ontwikkelende persoonlikheid van die kind en vernietig potensiële verhoudings. Woede kan ook op die self gerig word, en lei tot depressie (Palmer, 1995:45; Schultz, 2002:38). Freud het eerste beweer dat depressie omgekeerde aggressie is, met ander woorde die een emosionele probleem (aggressie) gaan dikwels oor in ‘n ander een (depressie). Kinders kan ‘n vrees openbaar om hul woede te toon en verswyg dit dan (Maree, 1989:47).

**3.12.3.3 Chroniese depressie**

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:10) definieer depressie soos volg: “Intense neerslagtigheid wat gepaardgaan met gevoelens van hulpeloosheid, ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme oor die toekoms, en wat gekenmerk word deur sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite.” ‘n Gevoel van hopeloosheid en hulpeloosheid spruit uit die ervarings van geen sekure bindings, herhaalde versekering dat die kind ongeliefd en ontoereikend is en ervaring van verlies wat nie hanteer is nie. Maree (1989:89) meld: “Die psigoanaliste wil dit hê dat hartseer by elke mens teenwoordig is wanneer jy iets of iemand wat vir jou kosbaar is, verloor.” Dit kan ‘n bose kringloop veroorsaak: die kind rig sy aggressie teen die objek wat hy verloor het, hy haat homself, en die emosionele probleem vererger.

### 3.12.3.4 A-sosiale en antisosiale gedrag

Louw (1990:303) beskryf antisosiale gedrag soos volg: "Antisosiale gedrag is enige negatiewe sosiale aktiwiteit wat antagonisme in die verhoudings tussen die kind en sy omgewing aanwakker." Die oorsaak van oordrewe teruggetrokkenheid by hierdie kinders, is gewoonlik die bestaan van 'n swak verhouding met hul bindingsfigure. Die simptome hiervan is die onvermoë om empatie met ander te hê, 'n swak of onontwikkelde gewete, vyandige gedrag, selfsugtigheid, die neem van ander se besittings en lae impulskontrole. Hierdie optrede verwar die kind ten opsigte van erkende sosiale norme en belemmer gewetensvorming (Maree, 1989:46; Laubscher, 1997:153; Schultz, 2002:38).

### 3.12.3.5 Lae selfkonsep

Die gesinstruktuur en -interaksie, die houding van die ouers, sowel as opvoedingspatrone, speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n kind se selfkonsep. Ouers van kinders met 'n lae selfagting toon min belangstelling in hul kinders en daar bestaan geen konsekwentheid met betrekking tot interaksie nie. Hierdie kinders se lae selfkonsep ontstaan weens die gebrek aan liefde wat hulle ervaar en 'n deurlopende gevoel dat hulle nie na waarde geskat word nie. Hierdie selfkonsep word telkens herbevestig wanneer die kind deur sy optrede verwerping uitlok (Louw, 1990:297; Schultz, 2002:38).

### 3.12.3.6 Chroniese afhanklikheid

Baie kinders word nooit emosioneel onafhanklik nie. Kinders wat gebreke in hul bindings beleef, het 'n onvermoë om hulself te troos en 'n eie gevoel van sekuriteit vir hulself te internaliseer. Hul ontwikkeling van outonomiteit en sosiale vaardighede is beperk, en hulle is dus afhanklik van die aanvaarding van ander. Onsigbare mure word rondom die kind opgerig en hy word die geleentheid tot normale nuuskierigheid en eksplorasie ontneem, en sodoende verhinder om individualiteit te ontwikkel (Laubscher, 1997:155; Schultz, 2002:37-38).

Die navorser is van mening dat kinders wat hul bindingsfiguur verloor, vrees ervaar. Hulle ervaar veral vrees dat hulle nie sonder hul primêre bindingsfiguur sal kan oorleef nie. Weens die feit dat sorgbehoewende kinders uit hul ouers se sorg verwyder word, word skeiding gevolglik onder punt 3.13 uiteengesit en bespreek. Dit is belangrik dat hierdie

reaksie van die kinders aan voornemende pleegouers verduidelik moet word. Moontlike hanteringstrategieë kan ook by die opleidingsprogram ingesluit word.

## 3.13 SKEIDING

Volgens *Department of Welfare* (1998:7), Schultz (2002:41) en Landman (2004:30), is dit 'n traumatiese gebeurtenis vir 'n kind om van sy bindingsfigure geskei te word, omdat hy so intens van hulle afhanklik is om vir hom te sorg. Selfs al is sy huislike omstandighede hoe swak, is dit al sekuriteit wat hy ken. Wanneer hy van sy bindingsfigure geskei word, verloor hy die belangrikste persone in sy lewe en alles wat vir hom bekend is in sy omgewing. Die kind beleef gevoelens van angs, verlies, verwerping, skuld, waardeloosheid, hulpeloosheid en 'n verlies aan beheer oor sy lewe. Skeidings ondermyn 'n kind se basiese vertroue en gevoel van sekuriteit (Plumer, 1992:36; Fahlberg, 1994:134; Landman, 2004:30). Die kind se reaksie op skeiding van sy bindingsfiguur word volledig in punt 3.13.1 beskryf, waar ook aandag gegee word aan die lewensfases van die kind, aangesien kinders in verskillende lewensfases, verskillend reageer op skeiding en dit ook verskillend hanteer.

### 3.13.1 Reaksie op skeiding

Volgens Fahlberg (1994:134) en Schultz (2002:41), kan kinders se reaksie op skeiding waargeneem word op 'n kontinuum van die ekstreme, byvoorbeeld van ernstige depressie van 'n kind wat 'n goeie binding gehad het tot geen reaksie van die kind wat oor 'n lang tyd emosioneel verwaarloos was en reeds emosioneel afgestomp en in homself gekeer het.

Volgens Bowlby (1984:27), kan die volgende fases in die kind se reaksie op skeiding onderskei word:

- Die eerste fase (opstand) duur 'n paar uur tot een of meer weke. Die kind huil aanvanklik en toon skeidingsangs op verskeie maniere soos: kind protesteer heftig, huil, soek, pleit, dreig, roep na die ouer en bly in 'n toestand van afwagting. Die fase duur solank die kind nog hoop dat die ouers sal terugkeer. Pogings deur ander versorgers om die kind te troos, is gewoonlik onsuksesvol en sommige kinders verwerp die versorgers openlik. Die dominante emosies tydens die fase is gewoonlik vrees, woede en hartseer (Blunden, 2005:83).

- Die tweede fase (wanhoop) word gekenmerk deur moedeloosheid of magteloosheid omdat die moeder nie terugkeer nie. Die kind ervaar wanhoop, maar bly steeds in afwagting. Die kind is gepreokkupeerd en raak depressief. Verder kom die kind ook lusteloos, apaties en teruggetrokke voor. Die kind betree 'n diep rouproses weens die verlies van die moederfiguur. Die substituutversorgers kan dan van die standpunt af uitgaan dat die kind belangstelling in die afwesige ouer verloor het, maar dit is nie die geval nie. Volwassenes interpreteer dikwels hierdie gedrag verkeerdelik as 'n herstelfase. Die kind aanvaar die versorging van die substituutouer, maar het nog nie voldoende losgemaak om weer 'n selektiewe binding te vorm nie (Kobak, 1999:24; Blunden, 2005:83).

- In die derde fase (losmaking), begin die kind weer in ander en sy omgewing belangstel. Die kind maak emosioneel los en verloor oënskynlik belang. Indien die kind in hierdie fase in die sorg van 'n persoon is wat emosioneel by hom betrokke is en sy rou voldoende hanteer, sal die kind met sy versorgers bind (Blunden, 2005:83).

#### 3.13.1.1 Faktore wat reaksie op skeiding beïnvloed

Volgens Schultz (2002:43) en Louw, *et al.* (2005:218), is daar verskeie faktore wat 'n kind se reaksie op skeiding beïnvloed, en dit word soos volg bespreek:

- ***Die ouderdom van die kind***

Babas het nie 'n geïntegreerde begrip van 'n ander persoon buite homself met wie hy 'n selektiewe binding het voor ses maande ouderdom nie (Steinhauer, 1991:24 & 25). Skeiding voor ses maande veroorsaak 'n kortstondige eet- en slaapversteuring en 'n toename in irriteerbaarheid. Die intensiteit van skeiding is die grootste wanneer dit gebeur tussen die ouderdom van ses maande en vier jaar. Hoe jonger die kind (bo ses maande), hoe korter is die tyd wat die kind kan verduur voordat hy emosionele verlating ervaar. Gedurende hierdie tyd is kinders, vanweë die stadium van hul kognitiewe en emosionele ontwikkeling, besonder kwesbaar vir skeiding omdat hulle intens fisies en emosioneel afhanklik is van hul primêre versorgers. Terselfdertyd is hulle kognitiewe ontwikkeling onvoldoende om die rede vir die verwydering te verstaan, om te verseker dat dit net tydelik is om hul gevoelens uit te druk en dit te verwerk (Fahlberg, 1994:134).

Volgens Palmer (1995:49), is peuters en kleuters meer aanpasbaar as die ouer kind in die verandering tot 'n nuwe versorger. Tog meld teoretici dat kinders tussen die ouderdom van sewe maande en drie jaar 'n hoë risiko toon om skade op te doen weens verwydering. 'n Kind wat ouer as drie jaar is, het al 'n beter geïnternaliseerde idee van sy moeder en indien kontak met sy moeder behou word, is die plasing minder bedreigend.

Die ouer kind weer, is meer geneig om geplaas te word weens die unieke probleme wat hy ervaar in sy ontwikkelingstydperk. Hy benodig dus substituutouers wat sy dinamika sal begryp (Pardeck, Murphy & Fitzwater, 1985:143).

- ***Vorige verhoudings en bindings***

Die verskil in reaksie op skeiding is reeds onder punt 3.12.2 (bindingspatrone) bespreek. Dit kom daarop neer dat die kind wat 'n sekure binding het, maklik van die ouers sal skei omdat die kind die vertroue het dat die ouers hom weer sal kom haal. Indien die ouer-kind-verhouding positief was, is die kind beter in staat om 'n positiewe beeld van sy ouers te behou, alhoewel verwydering plaasgevind het (Palmer, 1995:49). Dit is eers wanneer die kind die skeiding as permanent beleef, dat die kind die normale reaksie op skeiding toon (protestering, huil, soek, wanhoop, onttrekking, treur) en weer 'n selektiewe binding maak (Kaduson & Schaefer, 2000:29). Kinders wat nie 'n sekure binding het nie, toon groter skeidingsangs as die kind met sekuriteit. Kinders met vermydende en gebrekkige bindings toon min reaksie op skeidings, terwyl die gedisoriënteerde kind teenstrydige gedrag toon (Fahlberg, 1994:142).

- ***Temperament***

Volgens Louw (1990:218), verwys temperament na die inherente en kenmerkende wyse waarop 'n persoon teenoor stimuli reageer. Temperament is nie onveranderbaar nie, en omgewingsfaktore kan die kind se reaksie en gedrag beïnvloed. Alle kinders is nie ewe kwesbaar ten opsigte van skeiding nie. Sommige kinders is geneig om in geval van stres of vreemde situasies te onttrek, terwyl ander weer tot die situasie sal toetree. Kinders verskil ten opsigte van toleransiedrempel, intensiteit van reaksie op stimuli, hoe fisies aktief hulle is, buierigheid, gemoedstoestand, en aanpasbaarheid. Die kind se temperament beïnvloed ook die aard van die binding voor skeiding. Kinders wat byvoorbeeld meer reaktief ten opsigte van stres is, sal ook 'n intenser reaksie op skeiding toon (Fahlberg, 1994:145),

- ***Vorige ervarings van skeiding***

De Klerk (1994:35) meld dat dit baie nadelig is vir kinders om herhaaldelik blootgestel te word aan skeidings of onderbrekings van versorging. Kinders leer nie skeiding beter hanteer as gevolg van vorige ervarings nie. Dit beteken dat die skade van skeiding kan akkumuleer, of dit kan afhang van wat die subsituutversorgers bied (Steinhauer, 1991:25). Veelvuldige plasings verhoog egter die kwesbaarheid vir daaropvolgende skeidings. Kinders wat herhaalde skeidings beleef het, beleef dit as verwerping en is geneig om daarna weer so op te tree dat hulle weereens verwerping uitlok. Die persoonlikheidsversteuring wat plaasvind vanweë herhaalde skeidings, maak dat die kind afstand skep tussen hom en sy versorgers (Fahlberg, 1994:142).

- ***Duur van skeiding***

Die kind is in staat tot 'n selektiewe binding vanaf agt maande. Hoe jonger die kind, hoe korter is die tydperk wat die kind kan verduur voordat hy akute hartseer begin ervaar. Hoe kwesbaarder die kind, hoe intenser is die reaksie op selfs 'n kort periode weg van die bindingsfiguur. Dit beteken dat 'n kind wat nie 'n sekure binding gehad het nie, onlangs verwyder is en kwesbaar is ten opsigte van temperament, 'n besoek weg van die substituutversorger, nie kan hanteer nie. Die effek van skeiding op 'n kind, word egter nie soseer bepaal deur die duur van die skeiding nie, as deur hoe die skeidingsgedrag van die kind tydens en na afloop van die skeiding hanteer word (De Klerk, 1994:34).

- ***Die effek van 'n vreemde omgewing***

Die reaksie op skeiding word aansienlik verminder as die kind in 'n bekende omgewing kan bly of in die teenwoordigheid van bekende persone, sodat daar kontinuïteit in verhoudings is met persone met wie die kind ook bindings het. Soms dra die kind se eie omgewing by tot sy gevoel van veiligheid. Die kind wat verwyder is, kan onsekerheid ervaar rondom sy aanvaarbaarheid of onaanvaarbaarheid in sy omgewing, weens die nuwe tradisies en waardes wat verskil van sy eie kultuur. Die plasing van 'n kind in substituutsorg, kan beskou word as meer traumaties as enige ander vorm van skeiding, aangesien dit onbekende plekke en mense in die kind se lewe betrek (Palmer, 1995:47).

- ***Die aard van die kind se omstandighede na skeiding***

Die vermoë van die substituutversorger om troos en sekuriteit te voorsien, asook om toereikend in die kind se behoeftes te voorsien, verminder die trauma van die skeiding en ondersteun sy aanpassing (De Klerk, 1994:39). Hoe gouer 'n toereikende en responsiewe substituutouer voorsien word en hoe gouer 'n kind weer kan bind, hoe kleiner is die risiko vir langtermyn skade. Kinders het die aktiewe ondersteuning van 'n substituutouer nodig om te kan treur en om sodoende sy vermoë om weer te kan bind, te beskerm. Dienste na die verwydering van kinders, sal behels om die kind te onderskraag rondom toekomstige skeidingsangs, hulp met verwerking van gevoelens rondom sy aanpassing in substituutsorg, ondersteuning in die aanknoop van nuwe verhoudings en om sy nuwe plek en rol binne sy substituutgesin te begryp (Palmer, 1995: 60).

- ***Die voorbereiding op skeiding***

Voorbereiding van 'n kind beteken om kennis en gemak aan hom te gee. Dit word gerig op die kind se ondervinding en is gebaseer op 'n reeks van informasie (Ghetti, Alexander & Goodman, 2002:235). Hoe die kind voorberei is, of die kind hoegenaamd voorberei is, die kind se persepsie van die rede vir verwydering en die houding van sy ouers en ander persone wat betrokke is, is alles faktore wat 'n rol speel in die kind se belewenis van skeiding (Fahlberg, 1994:144). Volgens Plumer (1992:101) is goeie voorbereiding behulpsaam daarmee om die emosionele pyn wat 'n kind weens skeiding ervaar, te verminder. Die integriteit van die kind as individu, word ook behou.

Die navorser is van mening dat die kind se reaksie op skeiding afhang van sy ontwikkelingsbehoeftes volgens die ontwikkelingsfase waarin hy hom bevind, wat dus 'n verdere aanduiding is van sy plasingsbehoefte.

Bowlby (1988:10-12) en Blunden (2005:60) beklemtoon dat die tydsduur van skeiding (wat verskil van die ouderdom van die kind), binding kan beïnvloed. Hoe gouer 'n kind weer 'n affektiewe binding met 'n primêre versorger kan vorm, hoe minder is die emosionele skade vir die kind. Bowlby is verder van mening dat 'n moeder-kind-binding in die middelkinderjare reeds gevestig is en dat geen verdere gedragsveranderings met betrekking tot binding na die ouderdom van drie jaar in die moeder-kind-verhouding voorkom nie (Marvin & Britner,

1999:62). Dit impliseer dat kinders wat reeds van hul babajare af by substituutversorgers woon, teen die middelkinderjare al 'n binding met hul substituutouer gevestig het.

Die navorser is van mening dat dit in die praktyk nie altyd realisties uitvoerbaar is om kinders so gou moontlik by substituutversorgers te plaas nie, vanweë die feit dat die afhandeling van sake in die kinderhof sloer en dat daar beperkte persone of egpare is wat gewillig en geskik is om as substituutouers vir kinders op te tree. Die gevolg is dat noodgedwonge van staatsveiligheidsplekke gebruik gemaak word waar kinders aanvanklik moet verkeer tot tyd en wyl hulle in pleegsorg geplaas kan word. Die gevolg is dat kinders nie geleentheid gegun kan word om so gou moontlik 'n binding met hul versorgers te vestig nie.

Volgens Erikson se teorie van psigososiale ontwikkeling op die lewensduur van die mens, word agt fases geïdentifiseer waardeur alle menslike wesens moet ontwikkel (Louw, 1990:62; Laubscher, 1997:138). Hierdie agt fases, waarvan *vyf* betrekking het op die kinderjare, kom voor op verskillende ouderdomme. Fase een tot vyf word gevolglik onder punt 3.13.2 bespreek.

### 3.13.2 Ontwikkelingsfases van die kind

Hoewel die ontwikkeling van die individu een kontinue proses van bevrugting tot die dood is, is dit nuttig om dit in verskillende stadia in te deel. Louw (1990:14) meen dat: "die samelewing dit nog steeds nuttig gevind het om sommige lewenstadia te onderskei ten einde sekere beslissings oor individue te vergemaklik" en "die indeling van die totale lewensloop in stadia berus op die gedagte dat sekere tydperke besondere kenmerke het."

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende vyf lewenstadia volgens Louw (1990:177-434) en Schultz (2000:22-28) gebruik, aangesien dit geïntegreer is met Erikson se teorie en maklik bruikbaar is:

- fase 1: neonatale fase (pasgebore tot 1 jaar);
- fase 2 en 3: babajare en peutertydperk (1 tot 2 jaar);
- kleuterstadium: 3 tot 6 jaar;
- fase 4: middelkinderjare (6 tot ongeveer 12 jaar); en
- fase 5: adolessensie (13 jaar tot volwassenheid).

Bogenoemde fases van die mens het 'n invloed op hul ontwikkelingstake en ontwikkelingsbehoeftes. Die reaksie op en die hantering van skeiding, word bepaal deur die ontwikkelingsfase waarin 'n mens verkeer.

Die ontwikkelingsfases van die mens met betrekking tot die ontwikkelingstake en ontwikkelingsbehoeftes, word gevolglik in tabel 3.2 bespreek .

**TABEL 3.2: ONTWIKKELINGSFASES VAN DIE KIND**

| ONTWIKKELINGSTAKE EN BEHOEFTES | REAKSIE OP SKEIDING | HANTERING VAN SKEIDING |
|---|---|---|
| **FASE 1: NEONATALE FASE (PASGEBORE TOT 1 JAAR)**<br>Volgens Erikson in Louw (1990:173), ontwikkel hier 'n gevoel van veiligheid, sekuriteit en vertroue deur middel van dag-tot-dag versorging.<br>'n Baba wat ontneem word van bemoedering, sal ontwikkelings-agterstande toon.<br>Die vlak van organisasie wat in die eerste lewensjaar ontwikkel, hou verband met die kwaliteit van sosiale interaksie tussen die baba en sy primêre versorgers. | 'n Klein baba is sensitief vir verandering in sy omgewing, soos geluide, visuele stimulasie, roetine en reuke; hy verloor vertroue in sy bekende omge-wing; is enkele dae rusteloos totdat hy vertroue ontwikkel in sy nuwe omgewing.<br>Gereelde verskuiwings verbreek die proses van ontwikkeling van die logiese denke en basiese vertroue.<br>'n Baba toon reeds van agt maande af, vrees en angstigheid met skeiding; 'n baba met min sekuriteit is meer klouerig en huilerig. | Die enigste manier is die aktiewe oorplasing van ouerlike versorging.<br>Die primêre versorgers moet fokus op die herbou van basiese vertroue deur die dag-tot-dag voorsiening in al die baba se fisiese behoeftes.<br>By verskuiwing moet gepoog word om 'n bekende roetine te behou en bekende voorwerpe te laat saamgaan, byvoorbeeld dieselfde voeding, kombers, sagte speelding. |
| **FASE 2 EN 3: BABAJARE EN PEUTERTYDPERK (1-2 JAAR)**<br>Erikson in Louw (1990:221) meen die primêre taak is om psigologies van die moeder te skei en om selfvertroue, outonomie en 'n selfkonsep te | Die kind sal heftig protesteer, huil en soek, later wanhoop en onttrek.<br>Die kind verbaliseer sy gevoelens moeilik, en dit is vir | Die kind moet voorberei word op skeiding en sy rou moet hanteer word.<br>Binding moet soveel moontlik oorgedra word. |

| | | |
|---|---|---|
| ontwikkel.<br>Terselfdertyd is die kind nog uiters afhanklik van 'n primêre versorger en vrees die kind om fisies van sy moeder geskei te word.<br>Hy het dus sekuriteit, vertroue en nabyheid nodig om outonomie te kan ontwikkel.<br>Die kind het nodig om waardevol te voel en te beleef dat hy in staat is om dinge self te kan doen.<br>Waardes van ander word geïnternaliseer en 'n gewete begin by die kind ontwikkel.<br>'n Binding met 'n primêre versorger is noodsaaklik vir normale sosiale ontwikkeling.<br>Die kind identifiseer met die ouerfigure en boots hulle na.<br>Kinders is nog baie egosentries en moet geleidelik leer om ander ook in ag te neem. | hom moeilik om skeiding te hanteer en hy onderdruk sy gevoelens.<br>Kinders wissel baie tussen afhanklikheid en onafhanklik-heid; skeiding versteur die balans in hierdie ontwikkeling.<br>Skeiding veroorsaak intense rou en 'n verlies aan vertroue en sekuriteit, wat so gou moontlik herstel moet word. | Dit beteken dat die versorgers van wie die kind verwyder word en diegene by wie hy geplaas word, met mekaar kontak moet hê; ouerskap moet aktief oorge-dra word.<br>Die kind moet van beide toestemming kry om te kan treur en om die ander lief te hê. |
| **<u>KLEUTERTYDPERK (3- 6 JAAR)</u>**<br>Volgens Erikson in Louw (1990:243), gaan die kind voort met die proses van individuali-sering en die ontwikkeling van vaardighede om selfstandig te kan funksioneer.<br>Taal-, motoriese en sosiale vaardighede moet besondere aandag kry.<br>Die kind leer deur spel; hy vra baie vrae om kongruensie in sy wêreld te probeer vind (3 jaar) en | Vanweë hul fantasering en egosentrisiteit, is hulle geneig om te dink dat 'n verskuiwing hul skuld is.<br>Sommige ervaar dat hulle weggevat is en voel magteloos en sonder beheer.<br>Ander ervaar dat hulle weggegee is en voel waardeloos.<br>Ander voel skuldig en beleef verskuiwing dus as straf.<br>Kinders toon ook die fases van | Wees bedag op wanpersepsie vir die rede van skeiding; luister na hul verbalisering en stel wanpersepsies reg.<br>Berei die kind openlik en eerlik voor op verskuiwings.<br>Gee die kind toestemming om sy gevoelens te erken en verduide-lik wat gebeur.<br>Die kind moet ook voorberei word op sy pleegouers.<br>Gereelde kontak met die ouers |

| | | |
|---|---|---|
| om sy ervarings te orden (4 jaar). Die kind leer wat aanvaarbaar is en wat onaanvaarbaar is. Die kind is geneig om te fantaseer en begin 'n begrip vir die verlede en toekoms ontwikkel (vanaf 4 jaar). Vyfjariges word meer selfbewus en onderskei verskille tussen hulself en ander; hulle word meer realiteitsgeoriënteerd. | rou. Kinders is beter in staat om oor hul gevoelens te praat omdat hul taalontwikkeling beter is. Hulle gevoelens en gedagtes word egter steeds meer deur spel en gedrag gereflekteer. | voorkom dat die kind oor die ouers fantaseer en help die rouproses aan. |
| **FASE 4: MIDDELKINDERJARE (6-12 JAAR)** Erikson in Louw (1990:330) meld dat die primêre ontwikkelingstake verband hou met aanpassing op skool en sosialisering. Die kind moet gehelp word om op skool te vorder, take te voltooi en maats te maak. Die kind moet probleme buite die huis leer hanteer. Onsekerheid kan die kind hierin strem. Die kwessie van regverdigheid is vir die kind baie belangrik. Die kind is afhanklik van positiewe rigting en leiding gee deur volwassenes; 'n konsekwente roetine is nodig. Aanmoediging en positiewe versterking is beter as kritiek. Die kind leer om lander te konsentreer. Die kind hou ook nog van fisiese kontak. Die kind is ook vatbaar vir die oordra van waardes. | Die kind mag regresseer en terugval op fantasering. Omdat hy behep is met regverdigheid, wy hy heelwat emosionele aandag daaraan. Hy ervaar gemengde gevoelens oor sy verwydering. Gebrek aan konsentrasie kan voorkom en dit strem hom in sy ontwikkelingstake. Herhaalde skeidings en 'n gebrek aan binding ondermyn die ontwikkeling van 'n gewete. Gebrek aan kennis oor sy verlede strem ook sy ontwikkeling van identiteit. Woede en aggressie mag voorkom en kom tot uiting in huil, vloek, steel, fisiese aanvalle op mense en selfs wreedheid teenoor diere. | Verduideliking help die kind sy vrees vir die onbekende oorkom. Stel wanpersepsies reg. Help die kind om sy gevoelens te identifiseer, te erken, as normaal te aanvaar en om op aanvaar-bare wyse daaraan uiting te gee. Kinders is lojaal teenoor hul ouers en moenie in die posisie gestel word om te moet kies nie. Verseker die kind dat die volwassenes verantwoordelik is vir die besluite, maar dat hulle net goeie besluite kan neem as hulle bewus is van die kind se gevoelens en behoeftes. Die kind het inligting oor sy verlede nodig. 'n Lewensboek is 'n handige hulpmiddel. |

| | | |
|---|---|---|
| Dit is vir die kind belangrik om aan 'n gesin te behoort.<br>Die portuurgroep raak geleidelik al belangriker. | | |
| **FASE 5: ADOLESSENSIE (13 JAAR TOT VOLWASSENHEID)**<br>Volgens Erikson in Louw (1990:398-399), is dit belangrik dat hulle vir hulself 'n plek en 'n eie identiteit in die samelewing daarbuite vind.<br>Hulle moet emosioneel losmaak van die gesin en selfstandigheid ontwikkel.<br>Hulle wil egter nog steeds graag deel wees van 'n gesin, aanvaarding en waardering beleef en ernstig opgeneem word.<br>Hulle konformeer met die portuurgroep en opponeer en bevraagteken gesinsreëls.<br>Hulle moet 'n plek in die gesin vind as 'n onafhanklike individu en dit gee aanleiding tot 'n magstryd met die ouers.<br>Hulle moet hul aggressie en ontluikende seksuele gevoelens leer hanteer.<br>Ouers moet oortuig en selfhandhawend wees ten opsigte van hul eie waardes sodat hulle kan verduidelik waarom iets reg of verkeerd is.<br>Tieners is krities teenoor volwassenes, maar self sensitief vir kritiek.<br>Hulle is emosioneel labiel en | Die adolessent se reaksie op skeiding sal baie afhang van sy ervaring vóór die skeiding.<br>Dit mag wissel van verligting, apatie, hartseer, woede, magteloosheid, frustrasie en depressie.<br>Tieners is al in staat om te manipuleer en kan selfs 'n verwydering bewerkstellig of 'n plasing laat misluk.<br>Hulle is geneig om te dink dat omstandighede elders beter sal wees en is nie altyd in staat om te antisipeer wat die moontlike gevolge van hul optrede is nie.<br>Die hantering van herkomsinligting is baie belangrik omdat die kind dit moet inkorporeer in sy ontwikkelende eie identiteit. | Die aanpassing ná 'n verskuiwing is makliker as hulle voel dat hul mening en gevoelens ook in ag geneem is.<br>Hulle sal daarteen rebelleer as hulle beleef dat volwassenes al die besluite neem en dat hulle geen beheer het nie.<br>Dit is belangrik om hulle te betrek in 'n samewerkingsooreenkoms of laat hulle hulself skriftelik verbind tot samewerking.<br>Laat hulle verantwoordelikheid vir hul eie gedrag aanvaar. |

| | | |
|---|---|---|
| maklik irriteerbaar.<br>Hulle is ook selfbewus oor hul voorkoms en wil veral in die portuurgroep aanvaar word. | | |

(Louw, 1990:177-235, 283-296, 362-377, 432-434; Schultz, 2002: 49-55)

Die navorser is van mening dat dit nodig is om te onderskei in watter ontwikkelingsfase die kind hom bevind, gesien in die lig van die verskille in hul sosiale, kognitiewe en emosionele ontwikkeling. Dit sal 'n aanduiding wees van hoe die kind reageer op verwydering uit sy ouers se sorg en hoe dit deur die betrokke maatskaplike werker hanteer kan word. Deur 'n beter begrip van die kind te hê, sal die maatskaplike werker eerder daartoe in staat wees om besluite te neem rondom die kind se plasingsbehoeftes. Voornemende pleegouers moet kennis neem van hierdie moontlike reaksies van kinders op skeiding, aangesien die pleegkind wat hulle in hul sorg neem, op grond van sy ouderdom asook vorige ervarings van skeiding, die kind se gedrag en dus ook sy aanpassing in hul pleegsorg kan beïnvloed.

**3.13.3 Langtermyngevolge van skeiding**

Volgens Steinhauer (1991:16), speel gebeure voor en na afloop van skeiding, 'n groter rol as die skeiding self. Ernstige vroeë verwaarlosing, asook ernstige negatiewe gesinsomstandighede, veroorsaak meer emosionele skade as die skeiding self.

'n Kind wat emosioneel gesond is tydens die skeiding, sal die minste skade beleef indien die skeiding korrek hanteer word en nie aanhoudend plaasvind nie. Dit is egter die geval dat kinders wat verwyder word, reeds getraumatiseer en weerloos is. Die langtermyngevolge van skeiding wat dus nie korrek hanteer word nie, kan lei tot gebrekkige persoonlikheidsontwikkeling, ernstige wantroue in mense, destruktiewe gedrag en die geneigdheid om sy onverwerkte trauma aan sy eie kinders oor te dra (Louw, *et al.*, 2005:73). So 'n kind ervaar dus probleme om sy volle potensiaal in sy volwasse lewe te bereik. Dit is egter bewys dat kinders wat na skeiding by gesinne geplaas is waar daar voldoende in hul behoeftes voorsien is, minder skade op die langtermyn beleef het (Schultz, 2002:46).

Die navorser is van mening dat substituutsorg uiters belangrik is in Suid-Afrika se welsynsisteem, aangesien kinders wat weens hul sorgbehoewende omstandighede, alternatiewelik geplaas moet word waar voldoende in hul behoeftes voorsien kan word en

waar dit ook in hul beste belang sal wees. ‘n Volledige bespreking van pleegsorg as substituutsorg, word in hoofstuk vier gedoen.

## 3.14 SUBSTITUUTSORG

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:62) beskryf substituutsorg as: “versorging van kinders weg van hul ouers.” Volgens September en Loffell (1998:40), is substituutsorg, tydelik of permanent, ‘n belangrike komponent vir die kinderbeskermingsisteem. Substituutsorg sluit in formele pleegsorg, aanneming of residensiële versorging van kinders wat vanweë mishandeling, verlating of verwaarlosing, nie in hul ouerhuise kan aanbly nie. Intervensie in gesinne waar probleme wel voorkom, is die verantwoordelikheid van die volgende persone en/of instansies:

- Terapeutiese dienste: *Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:63) beskryf terapie as: “Maatskaplikewerkhulpverlening met die klem op die emosionele en psigiese behoeftes van die kliënt.” In samewerking met maatskaplike werkers word sielkundiges en psigiaters se kennis benodig vir die assessering en behandeling van kinders wat slagoffers is en ook hul gesinne. Hulle kennis en vaardighede kan ook benut word vir die voorkoming van kindermishandeling en -verwaarlosing.

- Welsynsorganisasies: Suid-Afrika beskik oor ‘n formele welsynsisteem wat betrokke is by die hantering van kindermishandeling en -verwaarlosing. Volgens Swanepoel en Wessels (1992:19), moet ‘n welsynsorganisasie ingevolge Art 13 van die Nasionale Welsynswet, 1978 (Wet 100 van 1978) geregistreer wees, of moet só ‘n organisasie goedkeuring van die Minister verkry ingevolge die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983). Dienste wat deur welsynsorganisasies gelewer word, sluit in dienste soos voorkoming en intervensie, waar die beste belang van die kind vooropgestel word.

- Die gemeenskap: *Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:18) beskryf ‘n gemeenskap soos volg: “’n Samestelling van mense wat binne ‘n geografies begrensde gebied woon, in wisselwerking met mekaar is en wat ‘n verbondenheid met mekaar en met die plek het waar hulle woon.” Die gemeenskap as ‘n geheel het ‘n verantwoordelikheid rakende die gebalanseerde versorging van kinders. Die gemeenskap moet daarop toegespits wees om situasies te kan identifiseer wat nadelig

vir kinders is. Dit is dus belangrik dat enige geval van kindermishandeling of kinderverwaarlosing aangemeld word.

Die navorser is van mening dat die versorging, beskerming en opvoeding van kinders, asook die ontwikkeling van kinders se potensiaal, berus by elke individu in die samelewing, die staat, hul ouers, asook by formele instansies in Suid-Afrika. Dit is dus belangrik dat daar 'n gesonde werkverhouding en samewerking tussen hierdie formele en informele instansies onderling moet bestaan, aangesien die belange van kinders altyd vooropgestel behoort te word. Eers dan kan daar 'n verskil gemaak word aan die hoë syfer van kindermishandeling en -verwaarlosing in die land.

## 3.15 SAMEVATTING

Na aanleiding van genoemde literatuurstudie, is dit dus duidelik dat die sorgbehoewende kind 'n kind is wat volgens Art 14(4)(aB)(i) (ii) (iii) (iv) en/of (v) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) uit sy ouers se sorg verwyder is vanweë mishandeling en/of verwaarlosing. Die volgende punte word hoofsaaklik uitgelig:

- Volgens die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) Art 14(4), is 'n kind sorgbehoewend wanneer sy ouers nie meer in sy fisiese, emosionele en geestelike behoeftes kan voorsien nie. Indien 'n kind deur 'n Kommissaris van Kindersorg sorgbehoewend bevind word, word 'n kind in alternatiewe versorging geplaas, wat pleegsorg of 'n kinderhuis insluit.

- Volgens die Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), het kinders basiese regte wat daarop gemik is om hul menswaardigheid te erken en om aan hulle optimale lewensgehalte te verskaf. Dit is veral belangrik om kennis te neem dat daar baie op die regte van kinders gefokus behoort te word, aangesien besluite en optrede weens hul minderjarigheid, namens hulle deur hul ouers geneem word. Dit kan dus gebeur dat die kinders se behoeftes nie noodwendig die behoeftes van hul ouers is nie. Die regte van kinders in Suid-Afrika, soos vervat in die Grondwet, 1996 (Wet 108 van 1996) in Art 28(1), verskil nie baie van dié van kinders in byvoorbeeld die VSA nie.

- Kinders het basiese ontwikkelingsbehoeftes, en dit is die verantwoordelikheid van hul ouers om voldoende in hierdie behoeftes te voorsien. Hierdie behoeftes sluit byvoorbeeld in dat die kind ‘n liefdevolle binding met sy primêre versorger het en dat hy voldoende emosionele versorging ontvang. Verdere behoeftes sluit ook in om ‘n kwaliteitsverhouding met sy bindingsfiguur te handhaaf, liefde te ontvang, verantwoordelikheid te ervaar en om iewers te behoort.

- Die kenmerke van die kind as kliënt word onderskei van die kenmerke van ‘n volwassene. Dit is noodsaaklik om hierdie kenmerke in ag te neem in die hantering van die kind. Die hantering van die kind is dus anders wat betref sy ontwikkelingsvlak, konsep van tyd, interpretasie van gebeure, interaksie tussen genetiese omgewingsfaktore en begrip vir familiebande. Dit is dus noodsaaklik dat die nodige kennis ten opsigte van die kind moet bestaan.

- Kindermishandeling en/of -verwaarlosing is dus die gevolg daarvan dat kinders slagoffers is van hul ouers of hul versorgers wat hulle opsetlike fisiese, emosionele of seksuele skade aandoen. Soorte mishandeling sluit in fisiese aanranding; seksuele misbruik, betasting of blootstelling; emosionele verwaarlosing en fisiese verwaarlosing. Kinders wat aan genoemde mishandeling en/of verwaarlosing blootgestel word, openbaar gedrag wat angsversteurings, emosionele probleme, fisiese simptome, asook gebrekkige persoonlikheidsontwikkeling tot gevolg het.

- Kinders wat aan mishandeling en/of verwaarlosing blootgestel is, se veiligheid kan bedreig wees. Dit is dus nodig dat so ‘n kind uit sy ouers se sorg verwyder word. Kinders wat verwyder word, ervaar verder gevoelens wat verwerping, verwarring, hartseer, hulpeloosheid, woede, spanning, skuldgevoelens en vrees vir die onbekende insluit. Verdere gevolge is dat die kind ‘n identiteitsonderbreking, lae selfbeeld en onstabiele selfkonsep het.

- Die woord “binding” dui op die sterk, liefdevolle band wat tussen ‘n ouer en kind bestaan. Die diepte van die emosionele betrokkenheid is ‘n aanduiding van die tipe binding wat bestaan, naamlik sekure binding; insekure binding wat gepaardgaan met angstigheid en ambivalensie; insekure binding wat gepaardgaan met angstigheid en vermydingsgedrag; of geen binding nie. Bindingsgedrag van kinders sluit in hul soeke na nabyheid en dit

dien as basis vir hul sekuriteit. Dit is ook ‘n aanduiding van die skeidingsgedrag wat hulle sal openbaar.

- Skeidingsgedrag van kinders word geïdentifiseer aan die hand van hul reaksie op skeiding volgens drie fases, naamlik protestering; ervaring van wanhoop waar die kind hom nie kan losmaak van ‘n vorige binding nie; en emosionele losmaking, wat tot gevolg het dat die kind met sy subtituutversorger kan bind. Die kind se reaksie op skeiding word bepaal deur sy ouderdom, vorige verhoudings of bindings, temperament, vorige ervarings van skeiding, duur van die skeiding, die effek van ‘n vreemde omgewing, die aard van die omstandighede van sy verwydering en sy voorbereiding op die voorgenome skeiding.

- Die ontwikkelingsfase waarin ‘n kind verkeer, bepaal sy emosionele reaksie weens skeiding van sy bindingsfiguur. Weens hierdie feit, is dit nodig dat die ontwikkelingsfase van die kind in ag geneem word, alvorens só ‘n kind hanteer word. Deur die ontwikkelingsfase van die kind in ag te neem, kan die kind se hantering van skeiding in perspektief gesien word. Dit is dus vir die maatskaplike werker moontlik om effektiewer in die kind se plasingsbehoefte te kan voorsien.

- Die langtermyngevolge van skeiding word bepaal deur gebeure voor en na verwydering. Die emosionele skade is ook nie noodwendig gerig op die skeiding self nie. ‘n Kind wat dus voor sy verwydering blootgestel was aan ongunstige omstandighede by sy ouers, se trauma rondom daardie gebeure wat tot verwydering aanleiding gegee het, is dus groter. Die hantering van skeiding bepaal dus ook die emosionele impak wat skeiding op so ‘n kind het.

- Substituutsorg maak ‘n integrale deel van die welsynsisteem van Suid-Afrika uit en dit sluit in: formele pleegsorg, aanneming en residensiële versorging van sorgbehoewende kinders. Die verantwoordelikheid vir beskerming van kinders, asook die gesinsisteem, berus by terapeutiese diensorgane, welsynsorganisasies en die gemeenskap self. Dit is belangrik dat genoegsame samewerking tussen die genoemde rolspelers bestaan, wat gesonde funksionering van gesinne, asook die beskerming van kinders, ten doel het.